basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 52 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
   - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
   - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
     - relevante verduideliking gemotiveer word./
     - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
     - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
   - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
   - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

   Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **<u>nie</u>.**

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:

  - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. minstens 1 stylfiguur, 1 retoriese middel en 1 tipografiese middel.
  - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE BEWYS OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| **Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.** | | |
| **Die gedig se twee dele kontrasteer met mekaar wat inhoud betref. In die eerste deel word Van Gogh as sendeling beskryf en die tweede deel handel oor sy belewenis as skilder.** | | |
| **In die eerste deel van die gedig word Van Gogh se ervarings van mislukkings beskryf.** | Van Gogh was 'n sendeling/'n heilige wat misken is.<br><br>As sendingwerker het hy nie daarin geslaag om die ellende van die mynwerkers te verbeter nie, al het hy hom aan hulle kant geskaar.<br><br>Hy kon ook nie die onreg wat teenoor die mynwerkers en boeregesinne/verarmdes gepleeg is, verander nie.<br><br>Van Gogh se Godsbelewing was dat Hy die ellende/pyn/swaarkry veroorsaak. | Versreël 1 en 2: *as 'n miskende heilige*<br><br>Versreël 1 en 2: *vergeefs geveg teen die ellende*<br><br>Versreël 3 en 4: *die onreg in die krotte van die myn, in agterbuurtes en op landerye;*<br><br>Versreëls 4 tot 6: *slegs die pyn en skriklike stryd van God leer ken, wat mens en boom verknot in Sy kramptrekke* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die tweede deel van die gedig dui Van Gogh se kontrasterende vervuldheid/ sukses as skilder aan.** | Van Gogh het die ellende/armoede wat hy beleef het, omskep in kunswerke. Hy het doodgewone hande-arbeid, naamlik om op landerye te werk, in sy skilderye lewe gegee. | Versreël 9: *in aanbidding van die son kon verwe, boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,* |
| | Hy het God agter/in die natuur/mense beleef eerder as om Hom as die oorsaak van die ellende te beskou. | Versreël 7 en 8: *maar eers toe jy die koringgerwe in aanbidding van die son kon verwe,* |
| | In sy skilderkuns kon Van Gogh lewe gee aan die skoonheid wat hy in die natuur/alledaagse lewe gevind het. | Versreël 10 en 11: *die kantelende landskap in die snelle ligte geel en groen en blou* |
| | As skilder ervaar Van Gogh 'n koorsagtige gejaagdheid om sy passie uit te leef om uiting aan hierdie nuwe ervaring van hartstog te gee. | Versreël 11 en 12: – alles met koorsige gevlek *tot branding van die skone kon verwek,* |
| | As skilder ervaar Van Gogh nie meer miskenning nie, maar sukses en beleef hy God se hartstog in hom wat hy deur sy skilderye aan ander kan oordra. | Versreël 13 en 14: *toe is Sy hartstog eers in jou volbring soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.* |
| **Beeldspraak versterk die gedagte van vervulling in die tweede gedeelte van die gedig.** | Personifikasie word aangewend om die gedagte oor te dra dat selfs die natuur lewe in sy skilderye kry. | Versreël 7 en 8: *maar eers toe jy die koringgerwe in aanbidding van die son kon verwe,* |
| | Die gedig eindig suksesvol met 'n vergelyking om sy belewenis van God se hartstog met groen sipresse wat soos vlamme opreik, te vergelyk en die gedagte oor te dra dat Van Gogh vervuldheid ervaar het. | Versreël 13 en 14: *toe is Sy hartstog eers in jou volbring soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Nog in my laaste woorde" – NP van Wyk Louw**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 2.1 | "laaste"/"skeemring"✓ | 1 |
| 2.2 | Ja<br>Die spreker beleef sy laaste oomblikke as "bitter", dus onaangenaam omdat hy alleen is ✓ en 'n vrees vir die dood het. ✓<br><br>*Kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 2.3.1 | Die dinge wat in 'n mens se lewe onbelangrik is./Die gedagtes is vaag/vaal. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.3.2 | Ja<br>Dit ondersteun die ritme/metrum in die versreël. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN rede vir EEN punt elk aan.*<br><br>*Kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 2.4.1 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Lewenslus/passie/drif<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 2.4.2 | Polisindeton ✓ | 1 |
| 2.5 | Paarrym ✓ | 1 |
| 2.6. | Omdat die geliefde die spreker se lewe so perfek aangevul het, is hy/sy nie bang vir die dood nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**" 'n vigslyer sterf" – Vincent Oliphant**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | " 'n" ✓ | 1 |
| 3.2 | "stadig" ✓<br>**EN**<br>"stort" ✓ | 1<br><br>1 |
| 3.3 | Ja<br>Die woorde "iets wil huil" roep alreeds emosie op./<br>Die agteruitgang/lyding van die vigslyer in elk van die volgende aanhalings spreek die leser aan: "bros vel"/"dun seil"/"brose stokke"/<br>Die onmag van die vigslyer om self hieroor te kommunikeer ("die mond wat iets wil sê") spreek die leser aan./kla die leser aan./wil die leser laat jammer voel vir die vigslyer.<br>**OF**<br>Nee<br>Die woord "iets" laat die leser voel hy is nie betrokke nie./<br>Die ontmensliking van die vigslyer met beelde soos "die bros vel"/"brose stokke"/"die mond" neem emosie weg./maak dat die leser onsimpatiek bly. ✓✓<br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 3.4 | Deur alleenplasing van "die lyf"/die kort versreël word die liggaamlike/fisiese agteruitgang by die vigslyer versterk. ✓ | 1 |
| 3.5 | Dit dui daarop dat die dood nader kom./dat die vigslyer besig is om dood te gaan. ✓<br>**EN**<br>"sterf" (in die titel) sluit by "stof"/die sterwende vigslyer aan. ✓<br>"sag gaan" (versreël 15) is 'n eufemisme vir sterf/beteken om te sterf, wat by "stof word" aansluit. ✓ | 1<br><br>1<br>1 |
| 3.6 | Die vigslyer smag na begrip. ✓<br>*Die kandidaat kan 'n soortgelyke antwoord aanbied.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"oupa Thomas Daniel Granfield" – Ronelda Kamfer**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | In versreël 1 gebruik sy slegs "oupa Thomas" omdat dit op haar persoonlike verhouding met hom dui, maar in die titel gebruik sy haar oupa se volle name omdat sy die gedig aan hom opdra./sodat die gedig 'n verdere biografiese inslag het. ✓<br><br>*Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die verskil vir EEN punt aandui.* | 1 |
| 4.2 | Die ma was nie ingestel daarop dat haar oupa se dood haar so intens sou aanraak nie./het nie daaraan gedink dat sy eintlik ook die nuus sou wou hoor nie./dat hierdie nuus so 'n traumatiese effek in haar lewe sou gehad het nie. ✓ | 1 |
| 4.3 | Ja<br>Sy was "okay", want sy het met haar lewe aangegaan./<br>Sy het hierdie gedig ter herinnering aan die oupa geskryf./poësiebundels gepubliseer./<br>Sy het hom nooit vergeet nie, want sy het hom op sy verjaarsdag onthou. ✓✓✓<br><br>*Kandidaat bied enige DRIE redes/beloftes vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 4.4 | Versreël 24: vergelyking en versreël 30: metafoor<br><br>**EN**<br><br>Omdat vlermuise met die dood geassosieer word, beklemtoon die herhaling van die beeld die spreker se intense gevoel van naderende onheil./onsekerheid. ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Ja<br>Die afwesigheid van leestekens/vaste strofebou versterk die gedagte dat emosies nie beheer kan word na trauma of 'n geliefde se dood nie. ✓<br>Die afwesigheid van leestekens/vaste strofebou sluit aan by die onkeerbaarheid/ongestruktureerdheid/wisselvalligheid van herinneringe/gedagtes oor die gestorwene. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 4.6 | Ja<br>Mense/kinders moet steeds die dood/verlies van 'n geliefde verwerk./beleef die verlies van 'n geliefde so intens./traumaties./emosioneel.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nie alle mense/kinders hanteer afskeid/verlies/trauma so dramaties/in oordrewe vorm nie./Baie mense het nie meer so 'n spesiale verhouding met hulle oumas/oupas nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Vieruur in die môre" – Pieter Hugo**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die spreker en die donkie is albei dié tyd van die nag wakker./alleen. ✓ | 1 |
| 5.2 | Droefgeestigheid/troosteloosheid/melancholie ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Omdat die spreker eensaam/melancholies voel, verlang hy/sy na die aangesprokene; ✓ gevolglik stuur hy/sy 'n boodskap aan die aangesprokene. ✓ | 1<br><br><br><br>2 |
| 5.3 | Assonansie/aa-assonansie ✓ | 1 |
| 5.4.1 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Die spreker en die geliefde/aangesprokene voel asof hulle bymekaar is./soos sterre in die ruimte verenig is./word./nie meer alleen nie, maar herenig. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.4.2 | Koeplet ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dit sluit by die woord "twee" aan./<br>Dit ondersteun die spreker en geliefde wat twee/herenig/saam is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5 | Ja.<br>Die gebruik van die woord "ook" suggereer die hereniging wat in die slotstrofe gevind word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKSTE TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Iris sprei haar vlerke deur vir Peter in New York te gaan kuier waar sy stelselmatig van 'n naïewe meisie tot 'n volwasse vrou, wat vir haarself kan dink en besluite neem, verander.** | Iris sien die kuier as 'n geleentheid tot 'n nuwe ervaring.<br><br>Vir Iris word dit 'n moontlike blomoomblik, iets wat sy beslis moet aanpak./Iris worstel met haar identiteit/naam en smag na 'n blomoomblik. | Bl. 86: "*Ek weet wat ek doen en ek wou buitendien altyd oorsee gegaan het."*<br><br>Bl. 105: "*Maar as ek in my hotelkamer bly sit, gaan ek niks ervaar nie. Nie goed of sleg nie. Dan kon ek net sowel by die huis gebly het. Ek moet iets ondervind wat ek vir Ma-hulle en Johanna kan vertel."*<br>Bl. 87: "*Ek wil gaan kyk hoe lyk dit daar. Buitendien, ek gaan eers vir Kara kuier. Onthou jy nie wat Ma altyd gesê het nie? 'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom."* |
| **Iris gaan eers Parys toe om vir Kara te gaan kuier – en dit is daar waar haar selfbeeld en hoe sy na haar uiterlike kyk, 'n positiewe verandering ondergaan. Sy ontdek ook 'n diepe verlange om liefgehê te word.** | Sy word deur 'n gas as 'n model aangesien en Kara beaam dit; sy vertel vir Iris dat sy mooi is.<br><br>Sy ervaar vir die eerste keer die behoefte om in 'n verhouding soos Kara en Claude te wees waarbinne iemand, moontlik Peter, vir haar so lief kan wees soos wat Kara en Claude vir mekaar is. | Bl. 93: *"Dis waar, weet jy." … "Jy het daardie soort gesig."*<br><br>Bl. 91: *Kara het teruggeleun teen die kussings en haar hand teen sy wang gehou, 'n gebaar so vol liefde dat ek vinnig weggekyk het, meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris maak self werklik kennis met die Engel in Parys en ervaar dat hy 'n belangrike rol in New York in Iris se selfontdekking/selfinsig speel.** | Die Engel tree vir Iris op as klankbord/raadgewer/kritikus sodat sy tot selfinsig kan groei. | Bl. 100: *"Dis so," het die Engel agter my beaam, maar ek het my nie regtig aan hom gesteur nie ..."*<br>Bl. 110: *"Oppas!" het die Engel vir my gesis.*<br>Bl. 131: *"Jy's dwaas," het die Engel met 'n lae stem gesê.* |
| **Iris leer belangrike lewenslesse in New York – ten opsigte van haar eie selfstandigheid, maar ook haar menseverhoudings.** | Aanvanklik is die gedagte dat sy alleen gaan wees vir haar opwindend, maar dan raak sy beangs daaroor. | Bl. 97: "*Sielsallenig in hierdie stad. Wat moet ek doen?"* |
| | Iris leer by Billy, die taxibestuurder, dat nie alle mans vertrou kan word nie. | Bl. 105: *"En dit bring my terug na die man. Jy moet versigtig wees. Ek ken hierdie stad. Jy's 'n kind hier. Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?"* |
| | Billy waarsku Iris oor haar blomtyd, omdat nie alle bolle tot bloei kom nie. | Bl. 107: *Billy het my voor die hotel afgelaai, … , en my gemaan om weg te bly van vreemde mans.* |
| | Van die vuurhoutjieman leer sy dat alle mense, ook hy, 'n lewenstaak kan hê, selfs al is dit om in vullisdromme te krap op soek na vuurhoutjiedosies./Sy leer ook van die vuurhoutjieman dat mense jou 'n rat voor die oë kan draai. | Bl. 123: "*Ek soek nuwes. Elke dag bestaan die kans dat ek 'n unieke ... "*<br>Bl. 123: *"Dan pars ek dit en kyk waar dit inpas tussen die res."*<br>Bl. 124: "*O ja. Dis 'n lewenstaak ..."* |
| | Daarteenoor leer die Engel vir Iris dat nie alle mense bymotiewe het nie. | Bl. 99: *"Moenie alle mense wantrou nie."/"As die Engel my dan wou uitlewer aan die eerste beste rokjagter in die stad, was ek my koulike hande in onskuld."* |
| | Joe, die fotograaf se opgewondenheid oor Iris, laat haar belangrik voel – nie meer soos 'n glips nie. | Bl. 119: "*Elke fotograaf droom van so 'n ontdekking*." |
| **Omdat sy onseker gevoel het oor haar en Peter se verhouding het sy, voordat sy op die vliegtuig geklim het, van Peter en 'n ander meisie, Marie, gedroom.** | Iris besef dat sy wel baie vir Peter omgee – vandaar haar jaloesie jeens dié Marie. | Bl. 134: *"Was jy bly dis net 'n droom toe jy wakker word?" het hy gevra en my aan die arm gevat. "Verskriklik," het ek gesê en die Engel hoor lag.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Haar liefde/gevoel teenoor Peter laat haar Vermont toe gaan eerder as om die modelkontrak te aanvaar.** | In Vermont verander haar siening van kinders sodanig dat sy erken sy geniet die kinders – en sal daarvan hou om haar eie te hê. | Bl. 158: *Ek het hulle toegemaak en op die voorkop gesoen en besef dat ek dit nogal geniet het om huis-huis te speel met twee regte kinders.*<br>Bl. 179: *"Droom dit op en kyk of jy daarvan hou."* |
| | Die Engel lei haar om haar eie toekoms op te roep en daaroor te droom – en sy besef sy wil 'n toekoms saam met Peter bou terwyl sy vroeër nie wou trou nie. | Bl. 82: *"Ek wil nie trou nie." My redes was moeilik verklaar-baar, selfs aan myself. Die onwilligheid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie; ...* |
| | Iris besef dat dit sinloos/onnodig is om vir een blomoomblik in jou lewe te wag, want jy kan verskillende blomoomblikke beleef. | Bl. 187: *Gebeur dinge nie maar sommerso nie? My lewe bestaan uit onsamehangende flardes.* |
| | Iris twyfel nie meer aan haar gevoel vir Peter of dat sy wil trou nie; sy besef sy kan nie sonder hom lewe nie. | Bl. 209: *Sonder Peter kan ek tog regtig nie klaarkom nie.* |
| **Na Iris besluit het om met Peter te trou, kom sy tot nog ander insigte wat voortvloei uit haar karaktergroei tydens haar vakansie oorsee.** | Iris besef dat sy die een is wat met haar skoonfamilie 'n verhouding sal moet bou. | Bl. 195: *My Nuwejaarsvoorneme, ..., was om my aanstaande skoonfamilie te leer ken. Ma het ook gedink dit was wys.* |
| | Iris besluit dat haar troue nie so romanties soos in haar fantasieë hoef te wees nie, solank sy en Peter trou. | Bl. 206: *Ons troue was 'n verlore saak van die begin af. Ek en Peter wou stil trou en voortgaan met ons lewe ...* |
| **Iris se selfbeeld en eiewaarde wat eers in Parys en later in New York al hoe meer verbeter het, neem verder toe as sy by die huis kom.** | Sy besef dat sy nie in die skaduwees van haar susters hoef te leef nie. Sy het vervulling in haar verhouding/huwelik met Peter gevind. | Bl. 211: *Tussen my susters se verbete vrugbaarheid het ek en Peter rustig voortgeleef sonder om te vermeerder.* |
| | Iris besef dat die werklikheid heeltemal anders is as 'n fantasie – en sy is gemaklik daarmee. | Bl. 188: *Dit was vyf jaar gelede en tot dusver het die toekoms – of die entjie wat ons gevorder het – by geen voorspelbare of gefantaseerde plan gehou nie. Om mee te begin, het my enkel skeef aangegroei, …* |
| | Iris besef dat haar fantasieë nie kan opweeg teen Peter se werk-likheid nie. | Bl. 213: *Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.* |
| | Sy kom tot insig dat sy in haar jeugjare met haar fantasieë te veel tyd verspeel het. | Bl. 213: ... as *die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Uiteindelik besef Iris dat enige mens se blomoomblik ongesiens kan kom.** | Die Engel lei haar in Vermont tot die besef dat haar blomnaam en die lelie niks met haar toekoms te doen het nie.<br><br>Iris besef ook dat dit nie saakmaak indien niemand haar blomoomblik opmerk nie.<br><br>Iris besef, onder leiding van die Engel, dat sy verantwoordelik vir haar eie keuses is. | Bl. 187: *"Net sowel," het hy gesê. "Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie."*<br><br>Bl. 195: "*Party mense blom ongesiens," het hy gesê. "So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie." ... "Soos Ma se lelie."*<br><br>Bl. 217: *Ek is nie 'n loopring nie.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Sy gaan by Peter (in New York/VSA/Amerika) kuier./Peter het haar genooi om by hom te gaan kuier. ✓ | 1 |
| 7.2 | Joe dink dat hy vir hom/haar met die foto's 'n modelkontrak kan losslaan. ✓<br><br>**EN**<br><br>Swak selfbeeld/Onkunde oor haar uiterlike skoonheid/naïwiteit ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.3 | Joe laat haar glo dat sy 'n modelkontrak kan kry, maar Peter hou nie van die gedagte nie.<br>Peter is jaloers as hy vir Joe in Iris se hotelkamer vind.<br>Peter is geïrriteerd omdat die blomoomblik/die betekenis van haar naam hierna Iris se gedagtes oorheers a.g.v. Joe (en sy modelkontrak) ✓✓✓ | 3 |
| 7.4 | Ja<br>In hierdie stadium van die roman speel die Engel nog nie 'n wesenlike rol in Iris se lewe nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Iris raak in New York toenemend van die Engel afhanklik./Die Engel is aanvanklik die enigste bekende saam met haar in New York./Iris raadpleeg hom vir alles waarvoor sy antwoorde soek./Die Engel is ook Iris se klankbord in verskeie dele van die intrige. ✓ | 1 |
| 7.5 | Ja<br>Dit versterk die gedagte dat Joe vir Iris oorrompel./probeer oorreed./namens haar besluite neem.<br>Dit versterk die gedagte dat Iris onkundig/onervare/vreemd/naïef is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 7.6 | Die iris van die oog: sy dink sy is diepdenkend. ✓<br>Die irisblom: sy wag vir 'n blomoomblik in haar lewe. ✓<br>Die Griekse godin van die reënboog/fleur de lis: sy voel belangrik in Peter se oë. ✓<br>Dienares in diens van die hoëre gode: sy voel soos 'n slaaf vir haar susters. ✓<br><br>*Die invloed van haar naam op Iris se lewe moet duidelik blyk.* | 4 |
| 7.7 | Eerstepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Die leser kan met Iris identifiseer./Haar eerlikheid maak die verhaal geloofwaardig./humoristies. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.8 | Peter se pa/Iris se aanstaande skoonpa ✓ | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.9 | Iris besef die Engel gaan nie vir haar antwoorde op al haar vrae gee nie.<br>Iris aanvaar 'n naam is net 'n naam.<br>Iris besef die lewe is nie 'n storie nie.<br>Iris aanvaar dat die Engel nie haar toekoms vir haar gaan voorspel nie./sy haar eie toekoms vir haar moet verbeel./droom.<br>Iris besef die blomnaam/die lelie het niks met haar toekoms te doen nie. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 3 |
| 7.10. | Ja<br>Peter se pa beskou die Engel as goël./dat sy gesigte sien./dat sy sy posduiwe negatief gaan beïnvloed. ✓<br><br>**EN**<br>Nee<br>Peter se ma het haar al aanvaar nog voordat sy van die Engel uitgevind het./Peter se ma het nie 'n probleem met die Engel of met Iris nie. ✓ | | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.11.1 | In TEKS A tree die engel as raadgewer/kritikus op in plaas daarvan om haar te beskerm.(soos die tannie se idee in TEKS B) ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>In Vermont het die Engel nie gekeer dat Bettie gif drink nie.<br>In Vermont het hy nie gekeer dat Iris haar enkel breek nie.<br>Na hulle troue het hy nie gekeer dat Peter sy oë beskadig nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 7.11.2 | Die Engel is steeds teenwoordig/sweef deur die tuin, maar praat nie meer met haar nie. ✓ | | 1 |
| | | | **[25]** |

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Baas was aanvanklik gelukkig en tevrede met sy lewe totdat sy ouers vermoor is. Hierna begin hy sy opvoeding en die sin van alles bevraagteken en hy besef dat hy in Rhodesië nie meer welkom is nie.** | Baas is ontnugter oor die moord op sy ouers. Hy het nie meer 'n vaste tuiste nie en sy enigste geselskap is sy hond. | *Bl* 12*: Maande lank jag hy meedoënloos sy eie beeste in die mopanieveld van Sable Ranch, selfs in die ranteveld op die oosgrens van die plaas ...*<br>*Hy en die Ierse terriër wat hy by 'n teler in Mutare gekoop het, gebruik sy oorlede pa se kliniek as slaapplek. Sable Ranch se opstal is afgebrand.* |
| | Na sy ouers se dood en die verlies van die plaas in Rhodesië besef Baas toene-mend dat hy vervreemd raak van alles wat vir hom bekend was. | Bl. 12: *Hy word as 'n uitlander beskou en beland in 'n jare lange politieke oorlog om iets van sy erfporsie te probeer behou.*<br>Bl. 13: *Baas verloor al sy familiebesittings, insluitende die plaas.* |
| **Baas gaan terug na Suid-Afrika waar die res van sy familie woon in 'n poging om iewers te behoort, maar hy besef dat hy ook sy familie ontgroei het.** | Baas dink dat hy vertroosting in die plek van sy kinderjare gaan vind. | Bl. 13*: In 1991 pak hy sy aardse besittings op die Land Rover en gaan terug na sy plek van herkoms om iets van die drome van sy jeugjare terug te vind.* |
| | Hy en Brindle, sy hond, slaap alleen in 'n plantasie./nie by die familie nie. | Bl. 13: *Op Louis Trichardt, waar hy beplan het om sy ou skoolmaats te gaan opsoek en 'n paar dae oor te bly, slaap hy en sy hond Brindle alleen by 'n vuurtjie van dennestokkies in 'n plantasie teen die hang van die Soutpansberg.* |
| | In 'n poging om iets van sy ver-lede te herwin, kry Baas werk by die saagmeule wat lank terug aan sy pa behoort het. | Bl. 13 tot 14*: In die Houtboschberg kry hy by die saagmeule wat aan sy pa behoort het kontrakwerk as vervoeroperateur op die vragmotor wat deur sy vriend uit sy kinderdae bestuur is.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Baas besoek nog enkele van sy familielede en verlang na sy ma en sy pa. | Bl. 14: *In die huise van die enkele familielede wat nog in die gebied oor is, kry Baas die warmte van gemeensaamheid waarna hy dikwels ná sy pa en ma se dood verlang het.* |
| **Baas besef vinnig dat sy heil nie by sy familie en die plekke uit sy verlede lê nie.** | Baas laat hom nie deur sy eie familie voorsê nie. Hy onttrek hom van sy familie./wil nie deur hulle getroos word nie. | Bl. 14*: Tog besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei, dat Houtboschberg se drome nie meer drome wil wees nie, die Bo-Letaba nie die Zambezi nie, ...* |
| **Baas besluit om sy verlede agter te laat en Suid-Afrika te verlaat in 'n poging om 'n nuwe lewe te skep. Hy besef al wat hy oor het, is die behoefte om op sy oupagrootjie se voetspore te loop.** | Die feit dat hy selfs sy ma se Bybeltjie nie wil saamneem nie, is bewys daarvan dat hy hom heeltemal wil losmaak van alles wat gebeur het – amper asof hy dit uit sy geheue wil wis. Sy niggie Mart probeer hom tot ander insigte bring, maar tevergeefs. | Bl. 22*: "Dis nie goed wat in 'n mens se klere bly sit nie, Baas. Moenie maak of dit nie bestaan nie. Dis meer as twintig jaar sommer net so weg."* |
| **Baas verlaat Suid-Afrika vir Botswana en bestudeer Barotseland en Zambië al teen die Zambezirivier op. Hy word 'n toergids, maar besef dat dit nie vir hom vervulling verskaf nie.** | Baas vertrek eers noordwaarts na die noorde van Botswana en daarna na Barotseland. Hy kom, soos sy oupagrootjie, agter dat toerisme in hierdie gebied lonend kan wees en skaf vir hom 'n boot aan. | Bl. 14*: Hy aanvaar 'n pos as toergids by 'n safarimaatskappy in die noorde van Botswana.*<br>Bl. 15*: Langs die Okavangodelta besef hy opnuut hoe sterk die moontlikheid vir toerisme in die wildernisgebiede is. Snags, en ook gedurende sy af dae, bestudeer hy die topografiese kaarte van Barotseland en die ander gebiede van Zambië al teen die Zambezirivier op. Hy kan sy ongedurigheid nie langer besweer nie. By 'n ander toergids koop hy 'n tweedehandse motorboot en 'n sleepwa en bedank uit sy werk.* |
| **Hy besef hy het 'n lewens-doel wat hy op Manaka kan uitleef.** | Op Manaka vind hy die naam van die Manaka Evangelical Mission. Hy wil graag sy oupa-grootjie se bootdroom verwe-senlik. | Bl. 18*: Laatmiddag kry Baas die bougainvilleabos waarvan Mark gepraat het, ... Langs die verwronge stam hang 'n stuk sinkplaat met die woorde "Manaka Evangelical Mission" netjies op geverf.*<br>Bl. 19: *Op die rand van die gelykte, net duskant die laaste skuinste na die water toe, groei die grootste worsboom wat Baas ooit gesien het. Onder die boom staan vier rye verrotte houtbankies op ingeplante paalstellasies.* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 24*: Ná twee dae se onderhandelings, nakoming van stamrituele en moeite ... Mag die grond wat as Manaka bekend staan, aan mister Baas Chipman toegesê word.* |
| | Hy versorg die bougainvillea by die ingang van Manaka omdat hy besef dat dit 'n verbintenis met sy oupagrootjie is./hy so sy oupagrootjie se nalatenskap kan versorg. | Bl. 34*: Niemand anders as Dennis Chipman kon hierdie ranker geplant het nie, besef hy.*<br>Bl. 36*: By die hospitaal laai hy 'n groot voorraad chlorokien en by die hardewarewinkel 'n sakkie kunsmis vir sy oupagrootjie se bougainvillea.* |
| | Hy begin daadwerklik sy oupagrootjie se droom, wat ook nou sy droom is, verwesenlik. | Bl. 28: *'n Mens kan dieselfde grootte boot bou met 'n vlakker diepgang. Veel vlakker.*<br>Bl. 40*: Ná twee en negentig jaar het Manaka weer 'n Chipman vir 'n baas.* |
| **Baas stry teen die verwagting dat hy deel moet vorm van die Barotse-gemeenskap. Hy probeer ten alle koste sy afstand van die mense om hom behou, maar besef hy kan nie hulle nood ignoreer nie.** | Teen sy sin raak hy betrokke by Manuel en sy gesin, gee vir Grace sy laaste malariapille en raak opstandig oor al die mense wat na hom toe kom vir hulp. | Bl. 28: "*Ek is nie 'n dokter nie," beduie Baas so goed hy kan.*<br>Bl. 42: "*Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"*<br>*Bl. 43: "Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie. Ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie."* |
| **Baas het sy geloof afgesweer na sy ouers se dood, maar word op Manaka toenemend gekonfronteer met die gedagte dat hy Manaka toe gestuur is vir 'n groter doel en hy besef dat dit nie help om hom daaroor te vererg nie.** | Ouma Essie voel dat Baas met 'n groter/ander doel na Manaka gestuur is – nié om 'n boot te bou nie, maar om ander te help.<br><br>Sy sê indirek vir Baas dat hy reeds deur die Here uitverkies is om na Manaka te kom vir 'n ander lewensdroom en hy is in opstand daarteen.<br><br>Sy wys Baas daarop dat hy die verantwoordelikheid het/die roeping het om die sendelinge te help om Manaka op te bou. | Bl. 43: *My ouma Essie was nie bang nie. Sy het gesê sy sal meneer Baas gaan roep, want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Manaka te help."*<br><br>Bl. 117: "*Die man wat deur die Here uitverkies en gestuur is om die saadjie vir Hom te kom plant, was 'n jagter."*<br><br>Bl. 118: *Sy kyk reguit na Baas. "En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Grace impliseer dat die Here Baas se oë en ore oopmaak sodat hy sy werklike doel en identiteit kan vind.<br><br>Sy glo ook, soos ouma Essie, dat Baas met 'n ander doel na Manaka gestuur is. | Bl. 93: "*Miskien staan jy nou hier in die reën met die verkeerde mens en raas. Dit is nie ek wat jou die oë gegee het waarmee jy al hierdie dinge sien nie." Grace se vlegsel blinknat biesies hang al amper by haar voete. "Ook die ore wat die Here jou gegee het, is gemaak om te hoor wat Hy graag wil hê jy moet hoor, nie wat jy graag wil hoor nie."*<br><br>Bl. 95: "*Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het."* |
| **Die struikelblokke wat Baas ten opsigte van die bou van sy boot ervaar, konfronteer hom met ouma Essie se gedagte dat 'n mens 'n misplaaste droom kan hê – dat jou eie drome en die drome wat God vir jou het, nie noodwendig dieselfde is nie – hy aanvaar dit aan die einde van die roman.** | Ouma Essie lei vir Baas geleidelik tot insig dat sy doel op Manaka dalk nie is wat hy aanvanklik gedink het nie. Volgens haar is hy met 'n spesifieke doel na Manaka gestuur. | Bl. 93*: "Ook die ore wat die Here jou gegee het, is gemaak om te hoor wat Hy graag wil hê jy moet hoor …"*<br>Bl. 122*: "Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, jongman," lag sy toe hy nie antwoord nie.* |
| **Baas aanvaar dat hy noodwendig met die mense van Barotseland sal moet saamwerk en nuwe verhoudings bou.** | Grace leer vir Baas 'n belangrike lewensles wat hom in die toekoms baie met menseverhoudings sal help, naamlik dat hy respek teenoor alle mense moet betoon. | Bl. 99 tot 100*: "Miskien sal dit die beste wees om respek te wys vir elke mens wat jy langs die pad kry. Dan sal 'n mens nie so maklik iets doen wat iemand kan laat sleg voel nie."* |
| **Baas begin gaandeweg besef waaroor ouma Essie se woorde gaan.** | Baas lees in Whitey se Bybel (Romeine 10:20) om meer uit te vind oor die vrae wat hy ten opsigte van geloof het. | Bl. 210: *Ek het my laat vind deur die wat My nie gesoek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees. Ek het verskyn aan die wat na my nie gevra het nie.* |
| **Baas vind vrede en berusting en dui aan dat hy hom permanent op Manaka gaan vestig. Hy kerf sy naam op 'n boom uit om sy eienaarskap/woonreg aan te toon. Baas se insig oor sy doel op Manaka verdiep.** | Baas het die lewenskring voltooi deur die bankies te herstel en die horings aan die boom vas te kap (net soos in sy oupagrootjie se tyd). | Bl. 210*: Hy kerf nog 'n naam onder sy oupagrootjie se naam in die sagte bas uit: Baas Chipman.*<br>Bl. 244*: By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.*<br>Bl. 244 tot 245*: Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas. ... Toe dit lig word, kom Grace van Mubuyu af om hom te kom help. Hulle maak die bankies klaar.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas verkry uiteindelik insig deur ander karakters se oë. Hy kom tot die volle besef van die sin van sy lewe, naamlik dat hy ook as sendeling in sy oupagrootjie se voetspore kan volg.** | Ouma Essie, Grace, oom Scholtzie en Whitey help Baas om tot nuwe insig oor die sin van sy lewe op Manaka te kom, naamlik dat hy sy oupagrootjie se sendelingskap moet kom voltooi. | Bl. 70*: "... die Here se weë is nie ons weë nie."*<br>Bl. 95: "*Om my te help om 'n werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het."*<br>Bl. 122: *"Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, jongman."*<br>Bl. 239: *Hy stuur hom om vir sy skoonmense te gaan sê dit is die losprys vir sy vrou en sy kind.*<br>Bl. 244: *"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas. By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Hulle is die nuwe sendelinge op Manaka.✓ | 1 |
| 9.2 | Nanna is optimisties./sien die mooi/potensiaal in alles. ✓<br>Griesel is onvergenoegd./negatief./kla oor alles. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Nanna raak met oorgawe betrokke by die mense van Manaka./vind vreugde in haar betrokkenheid by die Barotse-mense./probeer 'n verskil maak. ✓<br>Griesel bly onbetrokke./meerderwaardig./diskriminerend./veroordelend./negatief./ sinies./pas nie aan nie./word nooit deel van Manaka en sy mense nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 9.3 | **Baas** het nie verwag dat sy ma en pa in Zimbabwe vermoor sou word nie./die khuta hom sou inloop (deur die boonste deel van Manaka ook te verhuur) nie./die mense van Manaka hom as voorsiener/versorger sou beskou terwyl hy eintlik niks met hulle te doen wou hê nie./<br><br>**Ouma Essie** het nie verwag dat haar man, muluti Joseph, onverwags sou sterf nie./ die kerk sonder 'n leraar sou wees nie./die khuta haar sou dwing om op Mubuyu te gaan bly nie./die khuta die kerk sou stroop van boumateriaal nie./sy haar dogter Esther as gevolg van malaria sou verloor nie./vir Sitali ook sou moes grootmaak nie.<br><br>**Grace** het nie verwag dat haar bruidegom op haar troudag deur seekoeie gedood sou word nie./haar ma en pa in 'n landmynontploffing sou sterf nie./sy haar werk by die kliniek sou verloor nie./<br><br>**Sitali** het nie verwag dat hy sy ma op so 'n vroeë ouderdom sou verloor nie. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat verwys na enige DRIE karakters en bied 'n toepaslike motivering vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.4 | Letterlik is daar nie geld nie./<br>Baas herstel nog van malaria./is siek. ✓<br><br>**EN**<br><br>Baas kan nie sy oupagrootjie se droom uitleef nie. ✓<br>Hy kan nie geld met die toeristeboot verdien nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 9.5 | **Baas**: hy assosieer Manaka met sy oupagrootjie se lewe./droom./Vir Baas dui dit ook op 'n nuwe begin na die trauma van sy ouers se dood. ✓<br><br>**Ouma Essie**: sy assosieer Manaka met die kerk/sendingwerk./haar lewe saam met muluti Joseph. ✓<br><br>**Inwoners van Barotseland**: assosieer Manaka met die plek waar daar vir hulle voorsien word (kos en medisyne). ✓ | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Alomteenwoordige verteller ✓<br>**EN**<br><br>Hierdie verteller kan kommentaar lewer oor al die karakters./maak beskrywings van die verskillende karakters se emosies/gedagtes geloofwaardig. ✓ | 1<br><br><br>1 |
| 9.7.1. | Die kerkgebou op Manaka is gevandaliseer/afgebreek in die tyd toe daar nie 'n sendeling was nie. ✓ | 1 |
| 9.7.2 | Ja<br>Ouma Essie het as jong meisie by wit/Afrikaanse sendelinge (in die Vrystaat) grootgeword./skoolgegaan./<br>Ouma Essie en haar man het Afrikaans gepraat./<br>Ouma Essie bly in oefening deur met Grace Afrikaans te praat. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.8 | **Ooreenkoms**: albei veroordeel die sonde. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ouma Essie preek op die mense se vlak./volgens hulle leefwêreld./makliker verstaanbaar./Ouma Essie veroordeel nie die mense nie, maar hulle dade./Ouma Essie bied hoop/'n uitkoms vir die mense. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.9 | Ja<br>Ouma Essie en Grace leer vir Baas/Nanna/Griesel van:<br><br>– die gebruike/tradisies van die Lozi-stam.<br>– respek teenoor die koningshuis.<br>– die korrekte gedrag/etiket wanneer die khuta besoek word.<br>– vroue se rol in die gemeenskap. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.10.1 | Ouma Essie toon vreugde./blydskap. ✓ | 1 |
| 9.10.2 | Ja<br>In TEKS C is ouma Essie bly omdat die sendelinge opgedaag het by Manaka. In TEKS D word daar weer kerk gehou by Manaka danksy die sendelinge wat opgedaag het. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide tekste verwys vir EEN punt.* | 1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 10: VATMAAR – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Ta Vuurmaak leef volgens sy kultuur en tradisies.** | | |
| **Ta Vuurmaak leef soos wat hy grootgeword het as 'n opregte Griekwa.** | Hy was trots op sy Griekwa-herkoms en het by sy oupa geleer hoe om uit dankbaarheid te leef.<br><br>Hy leef dan 'n lewe van dankbaarheid soos wat hy geleer het. | Bl. 83: *Hy was 'n opregte Griekwa, het hy met trots vertel.*<br>Bl. 93: En *'n mens moet nooit die hand byt wat jou kosgee nie.*<br><br>Bl. 94: *Hy het omgedraai en vas aan die slaap geraak, sonder 'n bekommernis in die wêreld. Want hy het geleef van wat hy vandag gehad het sonder om aan môre te dink. Soos 'n opregte Griekwa.* |
| **Ta Vuurmaak sorg dat die Griekwa-kultuur aan die volgende geslag oorgedra word.** | Wanneer die jongmense by hom kom kuier, vermaak hy hulle met vertellings oor die Griekwa-tradisies op so 'n onderhoudende wyse dat hulle meer en meer wil hoor.<br><br>Ta Vuurmaak het aan die jong seuns vertel dat 'n mens, volgens Griekwa-oorlewering, nooit verby 'n hoop klippe mag loop sonder om ook 'n klip op te tel en dit op die hoop te gooi nie.<br><br>Ta Vuurmaak dra sy kennis oor die oorlog se invloed op die nedersetting aan die kinders van Vatmaar oor. | Bl. 85 tot 86*: Die oupa het 'n klomp stories oor die hottentotsgot vertel en ons kinders het daarvan gehou.*<br>Bl. 86: *Onse Grootman van God, Heitsi Eibib, die boodskapper van Tsui, God van Alles, het Ta Vuurmaak op 'n ander dag gesê,*<br><br>Bl. 87: *Tel self 'n klip op en gooi dit op die hoop, al moet jy dit ook ver gaan haal. Almal met Boesman- en Griekwa-bloed in sy lyf moet dit doen, ook al is sy bloed met ander bloed gemeng.*<br><br>Bl. 7: *Vertel ons nog, Ta, het ons hom aangespoor.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Ta Vuurmaak ken die geskiedenis van die ontstaan van Vatmaar die beste, hy word as die bewaarder van Vatmaar se geskiedenis beskou. | Bl. 5: *Party mense het gesê Vatmaar het sy naam van Ta Vuurmaak gekry.*<br>Bl. 5: *... Vatmaar het hom Ta – pa – Vuurmaak genoem.* |
| | Die Griekwa-beginsel om met jou broer te deel word deur Ta Vuurmaak uitgeleef en hy leer dit ook aan die jong seuns wat hom besoek. | Bl. 85: *... in die lewe is een van die grootste deugde om te deel. Deel met jou broer wat 'n behoefte het. Dit sal vermenigvuldig terugkom.* |
| | Ta Vuurmaak leef hierdie beginsel ook prakties uit as hy vir die mense werk skep en aan Vatmaar se mense 'n mate van menswaardigheid teruggee. | Bl. 22: *Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit. Van elke drie wat gemaak is, was twee die maker s'n en een myne.* |
| | Ta Vuurmaak leer die seuns omtrent die kompleksiteit van die natuur, want hy glo dat jy respek teenoor die natuur moet betoon. | Bl. 88: *Ta Vuurmaak het ontsag gehad vir die Son en Maan en hy het sy stem laat sak as hy oor hulle praat.* |
| | Ta Vuurmaak het geglo dat 'n hottentotsgot nie doodgemaak mag word nie, want die Griekwa-mense kan verstaan wat die hottentotsgot sê omdat hulle deur 'n ander Skepper as die verkleurmannetjie gemaak is. | Bl. 85: *Maar daar was groen en bruin hottentotsgotte van verskillende groottes, en ons mag hulle nie doodgemaak het nie. ... Ons Griekwa-mense kan verstaan wat die hottentotsgot sê ...* |
| | Ta Vuurmaak leer die seuns, wanneer hulle groot genoeg is, van die gifkewers wat waarskynlik in die pyl en boog gebruik kon word. | Bl. 86: ... *en die klein pyl en boog wat onse pa-goed vir ons gemaak het, en wanneer die seun groot genoeg was, het hulle vir hom die gifkewer gewys.* |
| **Ta Vuurmaak leer die seuns oor die waarde van lewe en dood.** | Volgens Griekwa-oorlewering kan die gees nie sterf nie, slegs die liggaam sterf; die gees verlaat die liggaam omdat dit aan Tsui-Goab behoort. | Bl. 88: *Dit kan nie sterf nie, want dit behoort aan Tsui-Goab. Hy is die Skepper van alles.* |
| | Daar is ook 'n geloof dat jy wakkerdood kan wees as jy deur 'n gees seergemaak word en die regte kruie kan jou weer gesond maak. | Bl. 89: *Party kruiebossies kan jy eet en van die wortel van die mor-plant maak jy khadie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Wanneer Ta Vuurmaak sterf, word hy op die Griekwa-manier begrawe.** | Ta Vuurmaak het voor sy sterwe vir Sus Bet laat belowe dat sy hom volgens die Griekwa-kultuur sal begrawe. | Bl. 96: *... onse Ta het my, toe hy nog sterk was, gevra om hom soos 'n Griekwa te begrawe. ...*<br>Bl. 95: *Die ta is in die karos toegerol en hulle het die lyk met sy knieë onder sy ken teen die boom sitgemaak.*<br>Bl. 96: *Toe die lekker ruik van die drie kruie saam met die rook uit die vuur uit opslaan, het Sus Bet seker gemaak dat die liggaam van die ta op sy hurke was, met die gesig na waar die son opkom.* |
| **Oom Chai leef volgens sy waardes.** | | |
| **Oom Chai verseker 'n heenkome vir talle uitge-wekenes omdat hy 'n inherente omgee vir mense het.** | Hy het die plan van 'n nedersetting soos wat die Engelse gevorm het, met George Lewis se hulp, bewaarheid. | Bl. 21: *Chai het glo een nag ... die plan gekry vir wat die Engelse 'n settlement noem. In sy gedagtes het hy die plek naby die vlei gesien.*<br>Bl. 22: *Na die winter was Chai en sy George se eenkamerhuise so lat hulle kon intrek ...* |
| **Oom Chai is 'n gerespek-teerde man in Vatmaar en die een wat hom beywer vir die opheffing van Vatmaar.** | Oom Chai kry die insig dat die mense van Vatmaar 'n sendingkerk moet kry en hy laat dit gebeur. Dit is vir hom belangrik dat die babas en kinders gedoop moet kan word volgens hulle tradisie en kultuur. | Bl. 25: … *ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig*<br>Bl. 27: ... *almal het saamgestem dat julle mense van Vatmaar ons ou saal kan kry.*<br>Bl. 35: *Charlie, sê die domanie, jy en Oom Hans sal saamwerk en by die volgende kerkraads-vergadering sal ons jou naam aanteken as ouderling van die Sendingkerk Vatmaar.* |
| | Oom Chai kry die insig dat Vatmaar 'n skool moet kry waar kinders opvoeding in Afrikaans kan kry. | Bl. 100 tot 101: *Oom Chai het die beste swartbord en staander gevat en 'n klompie afvalstukkies bordkryt gevra vir ons kinders om op die swartbord mee te kan skryf.* |
| | Oom Chai maak seker dat die mense van Vatmaar respek en liefde vir hulle taal moet ontwikkel. | Bl. 100: *Ons het Saterdae net skool toe gegaan om die Onse Vader op te sê want, het Oom Chai gesê, dis in onse moedertaal: Afrikaans, onse huistaal, die taal van my ma en pa, geskep deur die slawe en arme Vlaamse soldate.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Oom Chai word as natuurlike leier deur die mense van Vatmaar erken.** | As nie-amptelike burgemeester neem hy belangrike besoekers in Vatmaar rond en hy kon dit selfs regkry om 'n onderwyseres vir die skool te reël. | Bl. 97 tot 98: *Oom Chai is vooraf vertel van hulle koms. Oom Chai het die kerk vir hulle oopgesluit ...* Bl. 98: *En: Miss. E. Lewis will be on the payroll of the Du Toitspan Town Council.* |
| **Oom Chai is ook die een wat as 'n sedebewaarder in Vatmaar optree.** | Oom Chai is aanvanklik baie preuts/konserwatief en spreek selfs vir Teacher Elsa aan om haar behoorlik te gaan maak. | Bl. 100: *Lóóp! Was daai gemors af en gee skool ... Lóóp, gaan was jou gesig!* |
| | Oom Chai is vir Vatmaar die toonbeeld van 'n gentleman. | Bl. 279: *Oom Chai wou 'n gentleman wees. Hy het altyd die deur vir Bettie oopgehou. As die tee ingebring is, het hy haar koppie eerste van die skinkbord getel en vir haar gegee.* |
| | Oom Chai trou met Bettie en beskerm so die familienaam en ook Bettie se naam, tot sy eie nadeel. | Bl. 273: *Hulle het bymekaargekom om die onaangenaamheid in die familie te bespreek, en na hulle hom 'n gat in die kop gepraat het, het hy ingestem om Bettie en die babaseun met hom terug te vat.* |
| | Oom Chai neem die Familiebybel na sy broer toe sodat dit, na sy dood, aan die se seun gegee kan word sodat die Bybel in familiebesit kan bly. | Bl. 247: *Toe verdwyn hy in sy slaapkamer en kom met sy familiebybel terug ... Die Bybel was erg verrinneweer ... Ek het besluit om Vrystaat toe te gaan en die familiebybel vir hom te vat.* |
| **Tant Wonnie dwing respek af omdat sy haar waardes uitleef.** | | |
| **Alhoewel Tant Wonnie een van die armstes op Vatmaar was, het die Vatmaar-inwoners vir haar respek gehad.** | Tant Wonnie is gedwing om haar groot huis te verkoop en het slegs 'n agterkamer vir hulle uitgehou. | Bl. 110: *Hulle het op ander se genade in 'n buitekamer gebly wat eens op 'n tyd aan hulle behoort het, ...* |
| | Tant Wonnie is ten spyte daarvan saam met Sus Bet en ouma Lewies as een van die drie "grend ladies" van Vatmaar beskou. | Bl. 38: *En daar het die drie grend ou ladies van Vatmaar, Ouma Lewies, Sus Bet en tant Wonnie, gestaan met hulle se wit voorskote aan en beste kopdoeke op.* |
| **Tant Wonnie was altyd getrou aan haar waardes.** | Tant Wonnie was moreel sterk en kon haar verset teen Piet de Bruin se attensies. | Bl. 135: "... *en toe byt ek, met al my krag."* |
| | Tant Wonnie was nie bang om op te staan teen dit wat verkeerd was nie, byvoorbeeld toe mev. De Bruin Kaaitjie vir mev. Bosman wou gee. | Bl. 135 tot 136: *"... jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee en haar te jy en jou nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Tant Wonnie was 'n trotse vrou, daarom het sy die waterput vir slaggoed verkoop. | Bl. 111: *Hy het 'n koei en kalf daarvoor betaal.* |
| | Om die wasvrou vir ander mense te wees was vir Tant Wonnie 'n eerbare werk waarmee sy kos verdien. | Bl. 112: *Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet en Tant Wonnie het met trots gesê: Ons het nog nooit honger gaan slaap nie.* |
| | Tant Wonnie was 'n goed-hartige mens met 'n oog vir ander wat selfs swaarder as sy gekry het; daarom het sy nooit 'n vaste prys vir haar wilde knoffelmedisyne gemaak nie. | Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ... Sy het net gesê: Gee wat jy wil.*<br>Bl. 111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.* |
| **Tant Wonnie se onwrikbare, dog kinderlike geloof het van haar 'n sterk vrou gemaak wat uit dankbaarheid geleef het.** | Tant Wonnie was vir haar dogters 'n voorbeeld van iemand wat op daaglikse basis gebid en haar geloof uitgeleef het. | Bl. 112: *Elke aand ... was dit weer: Dankie, Vader, vir die gesondheid wat ons vandag geniet het ... Sy het dit geglo soos sy dit gehoor het en nooit enige vrae gevra nie.* |
| | Tant Wonnie se grootste ver-nedering – dat sy onskuldig gearresteer word – word ook vir haar 'n geloofspad. | Bl. 127: *"God, help my."*<br>Bl. 130: *Soek eers die Koninkryk van God binne-in jou want Ek woon in jou.* |
| | Hierdie vernedering lei uitein-delik daartoe dat sy finansieel onafhanklik word. | Bl. 144 ... *ek dank U vir die klein prys wat ek nou moet betaal oor ek vandag van my trots verlos is, ...*<br>Bl. 180: *Come to my office, the court will grant you your marriage certificate. ... See that this woman receives a new pair of shoes and a dress.* |
| | Tant Wonnie besit die vermoë om van haar negatiewe omstandighede iets positiefs te maak en 'n geloofsles daaruit te leer. | Bl. 131: *Hulle het van my 'n dief gemaak, maar ek is nie 'n dief nie. My Meester wat in my binneste woon, ek het U gevind.* |
| | Ondanks die onreg teen haar, word Tant Wonnie nie bitter nie, maar staan vas in haar goedgelowige oorgawe aan haar Here God. | Bl. 129: *Die Here weet beter, my kind, het sy gesê, want sy moes iets in die plek van hoop sit.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Windsorton ✓ | 1 |
| 11.2 | In hulle kindertyd het hulle nie skoolgegaan nie./As kinders/volwassenes het hulle nie baie met die Engelse te doen gekry nie./As ondergeskiktes is hulle weerhou van voorregte. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Siesie Lena neem leiding./praat namens hulle met die polisie./tree as spreekbuis op wanneer Sus Bet deur die polisie deursoek word. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.3.1 | Jakob Kierie se aanvanklike koper (Mister Hall-Stone) wou nie meer die diamante koop nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Jakob Kierie sou geen geldelike/finansiële voordeel trek indien die polisie die diamante gevind het nie. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.3.2 | Die gereg kan nie steun op 'n dronk man om geregtigheid te laat geskied nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Jakob Kierie beland in die tronk vir dronkenskap. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.4 | Oom Flippus moes diamante (wat in die diamantgruis is) vat, wanneer sy baas nie daar is nie en dit hou. ✓<br><br>**EN**<br><br>Siesie Lena wou die diamante vir Janneman gee vir huisvesting. ✓<br>Sus Bet wou dit gebruik sodat sy en Flippus 'n transportbesigheid in Du Toitspan kon begin. ✓ | 1<br><br><br><br>2 |
| 11.5.1 | Nee<br>Sus Bet was siek en Siesie Lena het dit as haar plig beskou om vir haar medisyne te neem. ✓<br>Siesie Lena het besef dat Sus Bet nie basiese lewensvaardighede het nie en het as 'n ma vir haar opgetree. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.5.2 | Siesie Lena leer vir Sus Bet alles van die Griekwa-tradisies sodat sy later vir Ta Vuurmaak volgens Griekwa-tradisie kon begrawe./<br>Siesie Lena leer haar hoe om medisyne van sekere kruiebossies te maak en sy gebruik hierdie kennis ook op Vatmaar wanneer mense siek is./<br>Siesie Lena leer Sus Bet hoe om khadie te maak van 'n sekere wortel en sy verkoop khadie ook in Vatmaar. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.6 | Derdepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Die verteller is in staat om alles te kan raaksien./verklaar./weet van alles./objektief die gebeure weer te gee. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.7 | Suzan het gereeld Oom Chai se huis skoongemaak./aan die kant gemaak. ✓ | 1 |
| 11.8.1 | Toe Corporal Lewis met Ruth getrou het/Oom Chai het Ruth se trourok betaal. ✓ | 1 |
| 11.8.2 | Oom Chai wou Ruth se integriteit beskerm./haar die vernedering spaar dat sy nie geld gehad het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.9 | **Tant Wonnie:**<br>Tant Wonnie het waswerk gedoen (baie keer sonder vergoeding). ✓<br>Tant Wonnie het vir die mense gratis water gegee. ✓<br>Tant Wonnie het die mense van medisyne/kruie voorsien. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>**Suzan**:<br>Suzan het geloof/respek vir ander mense/selftrots/deursettingsvermoë by haar ma geleer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br><br>1 |
| 11.10 | Nee<br>Sus Bet se klere is net deursoek (en sy is laat gaan), maar Tant Wonnie is toegesluit (vir iets wat sy nie gedoen het nie). ✓<br>Sus Bet is nie soos 'n krimineel polisiestasie toe aangejaag nie, maar Tant Wonnie is. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Greg toon 'n gebrek aan insig oor wat vir hom belangrik is wanneer sy pa vir hom vra wat sy planne vir sy matriekjaar is.** | Greg se pa verwag dat hy in sy matriekjaar beter prestasies sal lewer, terwyl Greg dink dit is bloot genoeg om dieselfde prestasie te behaal. | Bl. 48: *"Sal dieselfde wees as verlede jaar. Pa weet tog." … "Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is. "Ruggraat! Kry een! Nie soos …"* |
| **Aan die einde van die roman besef hy dit is vir hom belangrik om steeds 'n sukses van sy matriekjaar te probeer maak ter wille van sy pa, ma en John.** | Hy besluit later om met goeie punte sy pa se aanvaarding te probeer kry. | Bl. 207: *Moet ek sy liefde en aanvaarding koop met my prestasies? … Ek gaan weer probeer. 'n Nuwe begin maak … En, ja, ook vir my pa.* |
| **Greg is so gewoond aan sy bevoorregte rykmanskindposisie dat hy hom selfs veroorloof om sinies daaroor te wees.** | Hy is krities oor die skool se eksklusiwiteit, die ouers van die skool, die valsheid en onnatuurlikheid van die rykes se optrede. Maar in hierdie stadium is dit vir hom 'n gegewe feit van sy lewe. | Bl. 47: *Terug op Heilige Grond, dink ek daardie dag toe ek en my ma by die Lawson Kollege se skoolhekke inry.*<br>Bl. 48 tot 49: *Lawson is 'n skool vir die super-rykes se seuns … " … teelaarde te skep waarin die sakeleiers van die toekoms gekweek kan word." …* |
| | Die feit dat selfs Plank die skooljaar "verpligte breinspoeling" noem, bewys dat Greg omring is van vriende wat aanvanklik soos hy dink. | Bl. 50: *"Reg vir die laaste jaar van vriendelike-verpligte breinspoeling."* |
| **Aan die einde van die roman word hierdie sinisme selfs verder versterk deur sy insig dat geld se mag vernietigend is.** | Hy ontdek dat sy pa en Dok Pienaar by korrupte transaksies betrokke was en is. Hy kom tot die insig dat geld hulle as gesin uitmekaar geskeur het. | Bl. 205: *Maar agter die blink mure van party maatskappye skuil die skimme van white collar crime.*<br>Bl. 205: *Mense dink dit is net politici wat nie hulle hande van geld kan afhou nie …*<br>Bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg dink aanvanklik dit is genoeg om gewild te wees as leerders en onderwysers met hom 'n geselsie aanknoop wanneer hy by die skool opdaag.** | Greg besef dat hy oppervlakkige antwoorde gee volgens wat die ander wil hoor en dink dit is goed genoeg om hulle net tevrede te stel.<br><br>Later erken hy aan Eckardt dat hy soms smag na sy eie spasie, sonder om altyd die ander leerders se rolmodel te wees. | Bl. 50: *"Bulletproof, Plank, en jy?"*<br>Bl. 51: *"Meneer hoef nie oor my te worry nie," glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie wanneer ek met onderwysers te doen kry."*<br><br>Bl. 193: *"Moet sê ek is nie lus vir die ouens vanaand nie. Partykeer is dit of mens net genoeg kry van die spul." … "Ek kan dit soms nie meer verdra om hulle die hele dag in my gesig te hê nie."*<br>Bl. 174: *"As ek kon kies, sou ek my van verander van Owen na … ag, sommer Van der Merwe …"* |
| **Hy kom later tot die insig dat gewildheid, soos hoofseunskap, nie van hom 'n leier maak nie.** | Hy bevraagteken uiteindelik sy eie leierskapvermoë. | Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?* |
| **Greg se aanvanklike siening van sy hoofseunskap is dat dit vir hom 'n bevoorregte posisie gee./hom bo ander verhef.**<br><br>**Hy kom tot die insig dat sy pa sy posisie "gekoop" het en dat sy menswees ver te kort skiet.** | Hy besef nie dat om hoofseun te wees groot verantwoordelikheid inhou nie en wanneer Kwanele die vergadering reël wat Greg moes reël, is hy kwaad, maar later gee hy nie om dat Kwanele sy pligte oorgeneem het nie.<br><br>Teenoor Plank erken hy vroeg in die roman dat die gewone reëls nie noodwendig vir hom geld nie. Hy besef later dat hy net 'n produk van sy pa en hulle geld is. | Bl. 50: *"Vir wat? Ek is die hoofseun, het jy vergeet?"*<br>Bl. 165*: Hy het al omtrent die VRL oorgeneem, dink ek. Dis in elk geval wat hy wou hê. Ek gee tog nie meer om nie.*<br><br>Bl. 58: *"Ek het nie myself gekies nie. Ek sal nog lê as ek wil," antwoord ek slaperig.*<br>Bl. 58: *"Ek het hom op sy plek gesit gisteraand by die VRL-vergadering. Dis hoekom ék kan laat lê, en hý vanoggend moet sukkel om die Trappers uit hul beddens te jaag."*<br>Bl. 125: *Ek het gedoen wat my pa gevra het … 'n Clone geword.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg se arrogante meerderwaardigheid omdat hy die hoofseun is, blyk duidelik in sy optrede teenoor die nuwe matriekseun en ander mense.** | Greg is nie gewoond daaraan dat die ander leerders hom met min respek behandel en selfs sy gesag uitdaag nie.<br><br>Greg is ook nie daaraan gewoond dat hy nie in beheer van 'n situasie is nie – en hou nie van die ongemak wat Eckardt by hom veroorsaak nie. | Bl. 53: "*Hy moenie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie. Ek en 'n paar van my pelle sal hom gou uitsort.*"<br><br>Bl. 53: *Ek frons, weet nie wat hy bedoel nie. Ek kan sien hy weet dit. "Wie's jy?" vra ek. Hy bly 'n oomblik stil en kyk my net aan …* |
| **Hy kom stelselmatig tot die insig sy hantering van mense verkeerd is.** | Hy hanteer die nuwe terreinbe-stuurder met min respek en besef onmiddellik dat hy soos sy pa begin word.<br><br>Hy stel homself as hoofseun aan die polisie voor en bevraagteken daarna onmiddellik sy motiewe. | Bl. 73: *Ek knik net my kop. Ek ken hom nie regtig nie … Whatever, nie ons soort mense nie, soos my pa sal sê. Ek dink dit skaars, toe skrik ek … is hy reg? En as hy reg is, gaan my toekoms ook soos my pa s'n lyk?*<br><br>Bl. 103: *"Greg. Greg Owen. Lawson se hoofseun." Flippet, hoekom het ek nou dít gesê? Wil ek hom beïndruk? Ek ken hom nie eens nie.* |
| **Nadat hy en Eckardt bevriend geraak het, besef hy al hoe meer dat hy nie John se dood verwerk het nie en dat kuberkrakery en sy vriendskap met Eckardt hierdie gemis vul.** | Greg herken iets van John in Eckardt se oë en besluit om hom nie te laat verneder nie.<br><br>Greg dink terug daaraan dat hy nie oor John mag getreur het nie en besef hy kan met sy ma eerlik wees oor die gemis.<br><br>Greg besef dat kuberkrakery dieselfde adrenalien rush vir hom gee as wat hy met John beleef het.<br><br>Greg ervaar dieselfde woede oor Eckardt se verdwyning as na John se dood.<br><br>Greg vereenselwig hom toenemend met John se frustrasies. | Bl. 63: *Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë … Net soos John. "Stop!" skree ek. "Los hom!" … Toe trek ek hom uit die donker gat. Ek sien die fronse op die ander ouens se gesigte. Maar ek gee nie om nie. Ek moes dit doen.*<br><br>Bl. 66: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel …*<br>Bl. 67*: Ek kan haar nie sê nie … Ek sug. "Ek het vandag aan John gedink."*<br><br>Bl. 78: *Asof dit John is wat aankondig: "Hei, boet, ons gaan 'n nuwe extreme sport try … "*<br><br>Bl. 92: "*Nes John in daardie eerste stormdae ná sy dood. Die dae van verskriklike woede."*<br><br>Bl. 107: "*Is dit hoe John gevoel het? So magteloos, in 'n hoek vasgekeer?"* |

| | | |
|---|---|---|
| | Uiteindelik besef Greg dat hy John se stem vergeet het en tog moet probeer om in John se plek sy pa tevrede te stel. | Bl. 209: *En skielik, in die stil herinneringe, besef ek: ek het al John se stem vergeet.*<br>Bl. 207: *Moet ek sy liefde en aanvaarding koop met my prestasies? … Ek gaan weer probeer. 'n Nuwe begin maak … En, ja, ook vir my pa.* |
| **Greg begin al hoe meer aan homself en sy leierskappotensiaal twyfel.** | Hy onthou Plank se woorde dat sy pa vir hom die hoofseunbalkie gekoop het. | Bl. 58: *"O, julle spul uitverkorenes," grinnik Plank. "Hoofseun, onderhoofseun, VRL's. Julle was almal blote saketransaksies, was julle nie? Wie se pa kan die skool se budget die grootste hupstoot gee?* |
| **Hy besef hy is eintlik maar 'n "loser" en kom tot die insig dat dit nie werklik vir hom saak nie.** | Hy wonder of hy regtig 'n leier is as geen ander matrikulant hom in sy opstand teen Dok Pienaar gesteun of gevolg het nie. | Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?* |
| | Hy wonder of hy nie regtig 'n "loser" is soos wat een van sy matriekmaats hom genoem het nie. | Bl. 165: *Loser. Daardie woord krap nog en dít voel ál nader aan die werklikheid.* |
| | Hy kom op 'n punt dat hy nie eens meer omgee oor sy pligte of verantwoordelikhede as hoofseun nie. | Bl. 89: *Dit was ure terug al ligte uit. So much vir my dissipline-preek vir die VRL's.*<br>Bl. 165: *Selfs Kwanele is minder op my case. Hy het al omtrent die VRL oorgeneem, dink ek. Dis in elk geval wat hy wou hê. Ek gee tog nie meer om nie.* |
| **Greg begin stelselmatig aan homself erken dat die gemis aan John en die ekstreme aktiwiteite wat hulle saamgedoen het vir hom belangriker is as wat die skool/sy pa van hom verwag, veral aangesien Eckardt toenemend hierdie gemis vul.** | Eckardt prikkel Greg se nuus-kierigheid oor kuberkrakery en Greg val daarvoor. | Bl. 78: *Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld …*<br>Bl. 193: *Maar vir die eerste keer sedert John se dood voel ek weer asof ek regtig lewe.* |
| | Eckardt toets Greg met die bier in sy yskas en Greg besluit om dit nie te rapporteer nie en selfs daarvan te drink. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4 x 4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie, hulle moet af en toe rowwe terrein aandurf.* |
| | Greg voel aanvanklik skuldig oor die skoolwerk wat hy afskeep, maar hierdie skuldgevoel weeg nie so swaar soos die behoefte aan die adrenalien van die onderwêreld nie. | Bl. 97: *Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete.*<br>Bl. 98: *Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam kry en jou roep om te kom speel.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg is aanvanklik versigtig om as 'n "white hat" by kuberkrakery betrokke te raak.** | Greg is in die begin oorbewus van wat reg en verkeerd is, doodeenvoudig omdat hy nie sy pa wil ontstel nie. | Bl. 70: *"Hoop nie jy is op die porn sites nie?" "Sal dit nie waag nie. Nie by dié skool nie, anyway. My pa sal uitfreak as sy skouperd iets doen wat hom 'n skorsing kos."* |
| **Hy besef stelselmatig dat kuberkrakery vir hom die adrenalieninspuiting gee wat hy na John se dood mis.** | Greg is aanvanklik geskok oor Eckardt se vraag of hy wil leer "hack", maar die gevoel van opwinding is sterker. | Bl. 78: *"Maak toe die kamerdeur. Cyberspace se onderwêreld wag …" Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry. Asof dit John is wat aankondig …* |
| | Greg vra uiteindelik vir Eckardt om hom te leer "hack". | Bl. 81: *In my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar wat net skuins agter die opwinding lê. "Sal jy my leer?"* |
| | Selfs as Eckardt vir Greg "kwaliteitopleiding" gee deur hom na die skool se netwerkkamer te neem is Greg aanvanklik huiwerig en bang dat hulle gevang sal word, maar dan neem die gevoel van opwinding oor en hy oorweeg dit selfs om sy Wiskundepunt na 'n slaagpunt te verander. | Bl. 111: *"As iemand ons hier kry, is dit verby met ons," sê ek sag.*<br>Bl. 113: *Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander. Wie sal weet? … En met daardie woorde ruk hy my terug. Al wil ek ook. Al skree die rebel binne in my: doen dit net!* |
| | Ook as Eckardt vir Emily om die bos lei deur middel van sosiale manipulasie voel Greg aanvanklik dit is nie reg nie, maar uiteindelik pas hy dit self toe op die sekretaresses. | Bl. 136 tot 137: *Ek skud my kop in ongeloof … "Niks nie," antwoord ek. Die skuldgevoel begin my nou behoorlik pak. Dit voel vir my of ons in ander mense se kaste krap.*<br>Bl. 144: *"Jy sal vir my ook die username en password moet gee … Joan." … Sy gee die adres sonder om twee keer te dink … agter die skerms is die RAT nou geïnstalleer.* |
| | Greg is uiteindelik geskok as Eckardt aan hom erken dat hulle kuberkrakery onwettig en strafbaar is. | Bl. 182: *'n Ongemak klem my vas. "Maar … die goed wat ons gedoen het … wat jy my geleer het …" "Jip, dis onwettig."* Eckardt se woorde maak die beklemming *erger.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Dit verhinder Greg nie om op sy eie deur middel van kuberkrakery vir Eckardt te probeer opspoor en uiteindelik vir Dok Pienaar aan die kaak te stel nie, want die drang om geregtigheid te laat geskied is sterker as die flou roepstem van sy gewete. | Bl. 105: *Met die Javascript injection, kan ek die source code verander aan die kliënt se kant van die website. En so vat ek die website vir 'n ride en kan die password kry – netjies, in my eie inbox.*<br>Bl. 140: *As ek by Dok se rekenaar wil uitkom, moet ek 'n RAT daarop install.*<br>Bl. 145: *Vreugde neem my lyf oor soos 'n dwelm-fix. Dis hoekom hackers dit doen; hulle leef vir hierdie buzz.*<br>Bl. 155: *Oukei, teken nou af. Nee, keer die onderwêreld se stem in my agterkop … Nou gaan ek afteken. Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie genoeg nie.* |
| **In gesprekke met Eckardt besef Greg toenemend wat hy eintlik uit die lewe wil hê – en dit is beslis nie wat sy pa van hom verwag nie.** | Eckardt plant die saadjie in Greg dat hulle almal net "clones" van hulle pa's is wat gebreinspoel word om in die pa se voetspore te volg – wat hy nie wil nie. | Bl. 70: *"… Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie? Hulle breinspoel ons sodat ons moet kan glimlag, die regte dinge doen en sê." "En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin.* |
| | As Greg se pa hom dwing om vir Dok Pienaar om verskoning te gaan vra, voel hy soos 'n "clone" van sy pa, besef hy dat Eckardt reg was. | Bl. 125: *Ek vlug buitentoe na ons gesprek. Ek het gedoen wat my pa gevra het. My trots vir eers in my sak gedruk. 'n Clone geword.* |
| | Eckardt stook Greg se opstand deur subtiele skimpe en Greg besef hy is nie John nie. | Bl. 99: *"Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy is byna agttien, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan."*<br>Bl. 193: *Maar vir die eerste keer sedert John se dood voel ek weer asof ek regtig lewe. En ek voel nie skuldig daaroor nie.* |
| | Greg erken aan Eckardt dat hy John se plek in sy pa se oë moes inneem na John se selfdood, maar dat hy eintlik net 'n doodgewone ou in 'n doodgewone skool wil wees. | Bl. 174: *"… Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my toe draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!" "As ek kon kies, sou ek my van verander van Owen na … ag, sommer Van der Merwe. As ek kon kies, was ek nie nou hier nie. Ek sou tevrede wees met 'n gemiddelde skool in 'n gemiddelde woonbuurt met gemiddelde skoolpunte …"* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg erken aan homself dat hy op geen manier sy pa tevrede sal kan stel nie. Hy skiet te kort. | Bl. 107: *Is dit hoe John gevoel het? So magteloos, in 'n hoek vasgekeer? Dalk is my pa reg. Dalk ís ek so sleg soos wat hy sê. Wat moet ek doen om hom gelukkig te maak? Wíl ek hom nog gelukkig maak?* |
| **Greg kom, net voor hy die volle waarheid oor sy pa sou uitvind, tot die insig dat sy verhouding met sy pa vir hom belangrik genoeg is om weer te probeer werk aan hulle verhouding.** | As sy pa by die gastehuis opdaag, is daar 'n kleinseuntjieverbasing in hom dat sy pa tog vir hom omgee en daarom gekom het.<br><br>Greg besef dat hy waarskynlik nie die verlore tyd van sy matriekjaar sal kan inhaal en sy akademie op peil kry nie.<br><br>Greg besluit om aan sy en sy pa se verhouding te werk. | Bl. 206: *Kan dit wees dat hy soveel vir my omgee dat dit wat gebeur het, of kon gebeur het, hom bang maak?*<br><br>Bl. 206: *Ek het so 'n gemors van alles gemaak, … Dis al wat sal help as ek 'n sukses van die res van hierdie jaar wil maak … Sukses? Is dit nog enigsins moontlik?*<br><br>Bl. 206: *… maar selfs al voel ek en my pa soos vreemdelinge vir mekaar, is daar iets in my wat nog smeek vir my pa se aanvaarding. Iets wat hom nog tevrede wil stel.*<br>B. 207: *Die besluit is 'n tawwe een, maar dit is een waarby ek gaan hou. Ek gaan weer probeer. 'n Nuwe begin maak. Vir John. Vir my ma. En, ja, ook vir my pa.* |
| **Greg verwerf die insig dat sy lewe nooit weer dieselfde gaan wees nie.** | Hy bevraagteken of sy optrede reg was en of hy dit anders moes doen. Hy wonder of hy reg opgetree het.<br><br>Hy besef dat hy moet grootword en verantwoordelikheid vir sy doen en late moet neem en nie net op sy pa se mag en geld kan staatmaak nie. | Bl. 203: *Nou skielik kom die verlammende vrae: Was dít wat ek gedoen het reg? Moes ek dit anders aangepak het?*<br><br>Bl. 220: *Dis tyd vir groot word.*<br>Bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur.* |
| **Greg kom tot die slotsom dat om eerlik oor jou emosies te wees nie van jou 'n swakkeling maak nie.** | Hy kon uiteindelik huil oor die dood van sy broer, John, en vir die penarie waarin sy pa en hulle huisgesin verkeer. | Bl. 225: *Ek is toe nie so bulletproof as wat ek gedink het nie, sê hy sag.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Die speurders was daar om Eckardt se skootrekenaar en selfoon te kom haal./konfiskeer./kamer vir leidrade te kom deursoek./inligting oor Eckardt (se verdwyning) te kry. ✓ | 1 |
| 13.2 | Greg wou dié oggend 'n wagwoord kraak./voortgaan met sy soeke na inligting op die web. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die drang om Eckardt op te spoor was genoeg om kerk te mis.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg verwaarloos sy plig/geloof vir kuberkrakery wat onwettig is./Dit is nie reg dat hy sy plig versuim vir iets wat hyself wil doen nie./As hoofseun is hy veronderstel om die skool eerste te stel bo sy eie belange. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 13.3 | Hierdie reëls bewys dat Greg hom toenemend van sy vriende/graad 12-vriende vervreem./Die reëls bewys dat Greg geleidelik al hoe meer betrokke by kuber-krakery raak. ✓ | 1 |
| 13.4.1 | Ja<br>Die kort sinne beklemtoon/versterk die gedagte van spanning by Greg./Dit betrek die leser by Greg se kuberaktiwiteite./skep spanning/nuuskierigheid/afwagting by die leser om te weet of Greg gaan slaag./suggereer sy adrenaliengejaagdheid. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 13.4.2 | Greg kry in die sekretaresse/Joan se dagboek 'n password./<br>Greg gebruik sosiale manipulasie op die sekretaresse./Joan./<br>Greg plaas 'n RAT op Dok Pienaar se rekenaar./<br>Greg plaas/installeer 'n key-logger op Dok Pienaar se rekenaar. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 13.5 | By die tonnelritueel is dit **letterlik** donker/swart onder in die tonnels. ✓<br><br>Op **figuurlike** vlak dui dit op Greg se leuens teenoor sy pa/negatiewe verhouding met sy pa. ✓<br><br>**EN**<br><br>Dok Pienaar se sakebelange is ook donker/figuurlik donker/negatief/baie ongesond, want dit word gekenmerk deur misdaad./korrupsie./betrokkenheid by die epidemie./voëlgriep./Hy is betrokke by die verdwyning van die regter./PlusUltraMed./die Insider trading-saak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.6 | Ek-verteller/Eerstepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Die leser ervaar eerstehands die gebeure soos Greg dit ervaar./hoe hy die password probeer opspoor./die verteller dit ervaar./Die leser word betrek by Greg se angstigheid./emosies. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.7 | Die onderwêreld van misdaad/korrupsie/rebellie/leuens/misbruik van gesag/ onverwerkte emosies/geld/(donker) geheime/kuberkrakery/gevaar/ mitologie ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 13.8 | Greg glo Eckardt dat daar iets soos 'n white hat is./<br>Greg glo dat Eckardt hom aan pretaktiwiteite bekend wil stel (omdat hulle vriende is)./<br>Greg glo dat Eckardt se vriendskap opreg is. /<br>Greg het gedink Eckardt leer hom om te kuberkraak omdat hy dit versoek het, maar hy het nie besef Eckardt leer hom om te kuberkraak om uiteindelik sy pa en Dok Pienaar se korrupsie te ontbloot nie.✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.9 | Ja<br>Greg het tot nou toe vir die polisie gejok./<br>Sy nommer was die enigste een op Eckardt se foon./<br>Hy erken sy onwettige bedrywighede./betrokkenheid by kuberkrakery./<br>Hulle weet sy beeld van modelleerder, wat hy aan hulle voorgehou het, is vals./<br>Hulle weet Greg se kuberkraaknaam is G-4ce. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 13.10.1 | Die onderwêreld van kuberkrakery/misdaad verdryf juis die *Lig is die lewe vir die Mensdom*-gedagte, want dit is verantwoordelik dat daar nie lig/lewe/eerlikheid vir die mensdom is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.10.2 | **Dok Pienaar**:<br><br>Nee<br>Sy korrupte/misdadige betrokkenheid by die voëlgriepepidemie kan nie as lig vir die mensdom beskou word nie./kan nie as lewegewend beskou word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN** | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **Greg**:<br><br>Ja<br>Die feit dat Greg Dok Pienaar se betrokkenheid by/die oorsaak van die voëlgriepepidemie ontbloot het, kan beskou word as Lig wat lewe gee vir die mensdom./<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg se oneerlikheid/betrokkenheid by kuberkrakery kan nie positief/as dade van die lig beskou word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.

| **ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.** | | |
|---|---|---|
| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MAP** | | |
| **Vir die hoofkarakter, Map Jacobs, is Kersfees 'n vreugdevolle tyd, want hy word voor Kersfees vrygelaat. Dit bring vreugde in die vooruitsig.** | Map Jacobs se goeie gedrag in die tronk laat hom kwalifiseer vir parool; daarvolgens word hy op 7 Desember vrygelaat wat in die gemeenskap verskillende emosies uitlok. | Bl. 9: *Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand …*<br>Bl. 7: 'n *Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? (Hy lag.)*<br>Bl. 7: *Al wat ek sê is, ek wil nie bý wies as hy weer hierso is nie.*<br>Bl. 19: *Ek hoor hy's gou bytekant, nog net 'n paar dae … Die storie lê hier rond …* |
| **Kersfees bring hoop vir mense; so is daar vir Map, selfs nog voor sy vrylating, nuwe hoop en 'n nuwe verwagting op 'n toekoms./werk./moontlike versoening./dat hy sy bekering sal uitleef.** | Miss Africa laat by Map die hoop ontstaan dat sy hom gaan help om tog werk te kry – sy is klaar besig om uit te vind.<br><br>Daar is ook hoop dat Map nie weer sal terugkeer na sy ou weë nie, want Tommy bied hom 'n sigaret aan; Map weier om dit te aanvaar. | *Bl. 10: … sy't moet my gepraat, sy meen hulle sál vir my 'n kans gee. Ek moet 'n werk kry, sy sê sý's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, …*<br><br>Bl. 40: *… Tommy haal 'n pakkie sigarette tevoorskyn, bied vir Map aan, maar Map skud sy kop* – *"Nee ".* |

| | | |
|---|---|---|
| | Map se handeling om net by die huis te bly na sy vrylating, is ook 'n aanduiding dat hy hoop vir 'n beter toekoms het.<br><br>Die hoop is ook daar dat Cyril en Richie sal besef/erken dat Map wel verander het. | Bl. 40: *Of course, jy't jouselwers maar nog in die hys in gehou .. Hél, 'it was oek 'n lang tyd, Map …*<br><br>Bl. 7: 'n *Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? (Hy lag.)*<br>Bl. 7: *Al wat ek sê is, ek wil nie bý wies as hy weer hierso is nie.* |
| **As die gemeenskap se voorbereidings vir Kersfees met die orkesoefening begin, suggereer dit hulle hoop/afwagting – soos Map hoop en afwagting beleef.** | Die feit dat die orkes vroeër as gewoonlik begin oefen, dui op die gemeenskap se behoefte aan hoop en dat alles gereed vir Kersfees moet wees.<br><br>Map hoop dat hy 'n werk gaan kry en dat sy lewe positief sal wees na hy uit die tronk kom. | Bl. 5: *TWEE: O! (Dan aan EEN.) 'Is die Star of Redemption! Hulle practise al vir Krismis! Dan loep hulle mos!*<br><br>Bl. 10: *… sy't moet my gepraat, sy meen hulle sál vir my 'n kans gee. Ek moet 'n werk kry, sy sê sý's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, …*<br>Bl. 11: *… Dit maak nie saak nie … Ek wil daai kans hê, om te wys … lat ek 'n annerste man is …* |
| **Kersfees is 'n tyd wanneer mense vergewensgesind is, so wil Map die tyd gebruik om vergifnis te kry by almal wat hy leed aangedoen het.** | Dit is belangrik vir Map dat sy ma moet weet hy is jammer oor wat gebeur het sodat sy ma hom kan vergewe.<br><br>Vir Map is dit van nog groter belang dat Blanchie moet weet hy is bekeer dat sy hom ook moet vergewe.<br><br>Belangrik vir Map is dat hy ook vergifnis by Uncle Cavernelis moet kry, daarom sê hy vir sy ma hy het Uncle Cavernelis vergewe en sy ma moet dit vir hom sê.<br><br>Dit is ironies dat die orkes wat vergifnis in sy naam suggereer, dan nie vir Map as orkeslid wil terugneem nie, met ander woorde nie die vergifnis uitleef nie. | Bl. 9: *Ek is jammer, oor dit alles, Ma … Ek het al gesê … Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles …*<br><br>Bl. 10: *Het Ma al vir Blanchie gesê van my, lat ek vir Ma gesê het ek het die Here gekry, hierso … Ma moet tog vir haar sê. En sê oek vir haar dis nou amper tyd lat ek ytkom, …*<br><br>Bl. 11: *Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, … Ek het vir Uncle Cavernelis alles vergewe.*<br><br>Bl. 37: *MIRIAM (terwyl sy bly werk) En mister Jacobs, waar is hy? Boeta het gesê ek moet seker maak of ek mister Jacobs se measurements oek moet niem ... 'n Stilte en erns kom oor die groep wat sopas nog gelag het.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Kersfees is 'n tyd van versoening. Apostel George wend 'n daadwerklike poging aan om Map en sy ma te versoen, soos versoening van familie/geliefdes dikwels tydens Kersfees plaasvind.** | Apostel George vra Auntie Grootmeisie om haar seun te ontvang – sy poging om Map met sy ma te versoen.<br><br>Aan die einde van die drama vergewe en versoen Map met sy ma wanneer sy weer begin praat.<br><br>Map en Blanchie versoen ook aan die einde van die drama wanneer hulle twee beurtelings bieg. | Bl. 29: *Suster, ontvang jou seun in vrede van God, ontvang hom terug by jou … (Saggies) Kyk, hy het nuwe klere aan! (Sagter) Hy is skoon gewas …*<br><br>Bl. 62: *(praat, vir die eerste keer in jare): Johnnie …*<br><br>Bl. 60: *Ek het vir jou … alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here … en voor Ma … Daar is niks meer nie … Ek het vir jou ook … ge-vertel … alles … Johnnie … Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik.* |
| **Kersfees is 'n tyd van vrede.** | Map laat hom nie uitlok deur Tommy om kwaad te word nie, maar wys deur sy stiltes dat hy 'n veranderde man is en raak versoen met Blanchie en sy ma. | Bl. 29: *Suster, ontvang jou seun in vrede van God, ontvang hom terug by jou … (Saggies) Kyk, hy het nuwe klere aan! (Sagter) Hy is skoon gewas …*<br>Bl. 60: *MAP (Asof hy haar geskreeu nie hoor nie): Dis ek wat sleg is ... Dis ... ek ... Blanchie ... Wat het met ons gebeur ... Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... voor Apostel George ... voor die Here ... en voor Ma ...* |
| **Die Kersfeesboodskap verkondig verlossing; dit pas mooi by Map wanneer Apostel George hom van sy skuldgevoelens verlos en Map geloofsvrede ondervind.** | Map bid saam met Apostel George dat die gevangenis se deure vir hom moet oopgaan sodat hy vry/verlos kan wees.<br><br>Miss Africa help vir Map om waarlik van sy dade verlos te word deur vir hom te sê dat hy aan iemand, wat hy liefhet, van daardie aand se gebeure moet vertel. Map doen dit.<br><br>Blanchie verlos ook vir Map van sy skuldgevoel wanneer hy haar troos en haar vergewe. Sy eie vergifnis word sigbaar wanneer Blanchie hom aanvaar en/of wanneer sy ma begin praat. | Bl. 25: *Hy wat die Here is, breek die gevangenis vir jou oop! Map (bid ook): Ek het vir Blanchie gesê, Hy breek die gevangenis vir my oop.*<br><br>Bl. 12: *Maar jy sal nooit tot rus kom voordat jy dit vertel vir iemand wat jy werklik trust nie. … sy't gesê iemand wat jy werklik … well … liefhet, Ma …*<br><br>Bl. 60: *Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik.* |

| | | |
|---|---|---|
| **BLANCHIE** | | |
| **Kersfees is ook vir Blanchie 'n tyd van hoop, vergifnis, versoening.** | Blanchie hoop aanvanklik dat sy 'n modelkontrak gaan kry waarna sy met verwagting uitsien.<br><br>Blanchie moet in die tyd haarself oor Cavernelis se dood en die werk by die salon vergewe, maar ook vir Map vergewe.<br><br>Blanchie versoen met Map. | Bl. 41: *Ek hoor sy gaan gloe een van die dae overseas, vir modelling ... Paris toe ...*<br><br>Bl. 60: *Ek is so vuil, Johnnie ... (dan sy ook – huil en lag.) Ek het vir jou ... ook ... ge-vertel ... alles ...*<br><br>Bl. 60: *Ek het vir jou … alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here … en voor Ma … Daar is niks meer nie … Ek het vir jou ook … ge-vertel … alles … Johnnie … Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik.* |
| **ANTIE GROOTMEISIE** | | |
| **Vir Antie Grootmeisie word Kersfees 'n tyd van vreugde, vergifnis en versoening.** | Antie Grootmeisie beleef die vreugde dat haar kind uit die tronk kom as 'n nuwe, verloste mens.<br><br>Antie Grootmeisie beleef dat Map haar om vergifnis vra en as sy hom vergewe, begin sy weer praat.<br><br>Antie Grootmeisie se versoening met Map word gekenmerk deur die feit dat sy weer begin praat. | Bl. 29: *Suster, ontvang jou seun in vrede van God, ontvang hom terug by jou … (Saggies) Kyk, hy het nuwe klere aan! (Sagter) Hy is skoon gewas …*<br><br>Bl. 10: *Die Here Jesus, Hy maak jou waarlik vry! Apostel George, hy't vir my gewys, die lig! Ma moet vir my glo, …*<br><br>Bl. 61: *Die lig verander. Die musiek begin, saggies. Eers 'n banjo. Dan kitare ... Dan verskyn Antie Grootmeisie ... Blanchie sak knielend neer op die grond, haar arms om Map. Die lig verander ... en óns hoor – die saksofoon ... Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map ... voor Antie Grootmeisie neer. ANTIE GROOTMEISIE (praat, vir die eerste keer in jare): Johnnie ...* |
| **Die titel is beslis geslaagd.** | "Krismis" in die titel berei die leser voor op liefde, vergifnis, hoop, maar ironies genoeg bly al die karakters vasgevang in hulle omstandighede. | Bl. 46: *En wanneer jy loop, dan vang jy die secretary of die ou wat jou ge-interview het, se oeg ... hulle kyk agter jou aan, of hulle vir jou jammer kry, 'cause jy's so laag, jy try vir iets wat goed is, maar foei tog!* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1.1 | Cyril ✓kerrimspelers?? | 1 |
| 15.1.2 | Cavernelis word deur Maud oorheers./Cavernelis word deur Maud voorgesê./Cavernelis het min sê in sy huis. ✓ | 1 |
| 15.2 | Skok/ontsteltenis/spanning ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Hy hou Map se verlede teen hom.<br>Hy sien vir Map as 'n bedreiging vir hulle gemeenskap.<br>Hy wil vir Blanchie van Map af weghou. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 15.3 | Cavernelis beskou Map as 'n bendelid op grond van sy verlede, terwyl Blanchie Map as 'n goeie mens beskou./omdat sy hom reeds van skooldae af ken. ✓<br><br>**EN**<br><br>**Cavernelis,** want dit is onvergeeflik dat Map sy suster se dood veroorsaak het./sy ma soveel leed veroorsaak het.<br><br>**OF**<br><br>**Blanchie,** want Johnnie is in hierdie stadium 'n bekeerde man./hy verdien 'n tweede kans. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.4 | Dit versterk/beklemtoon die gedagte dat die nuus vir Cavernelis geskok het.<br><br>Cyril slaag daarin om vir Cavernelis te ontstel./skok.✓ | 1 |
| 15.5 | Cyril is geniepsig./venynig.<br>Cyril is uittartend.<br>Cyril is leedvermakerig. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Toe Maud by haar huis se venster uitkyk, het hulle haar getreiter./<br>Cyril is venynig oor Blanchie se styl/klere wanneer sy aan die begin van die drama by hulle verbystap. ✓ | <br><br>2<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.6 | Dit dui aan dat die toneel wat volg in die verlede afspeel./dat die ruimte verander./dat die tyd verander. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.7 | Map se bende het vir Klein-Meisie/Antie Grootmeisie verkrag./vermoor./Map het vir Ivan Philander doodgemaak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.8 | Die rusie tussen Blanchie en Cavernelis/Cavernelis se reaksie op die rusie Cavernelis se selfdood ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Cavernelis pleeg selfdood./Hulle droom om hulle omstandighede te verbeter, lê aan skerwe.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 15.9 | Ja<br>Dit versterk die gedagte dat Blanchie aan skok ly./nie deur Map getroos wil word nie./nog nie met Map versoen is nie. ✓<br>Dit versterk die gedagte dat Map graag betrokke wil raak./vir Blanchie graag wíl troos./steeds vir Blanchie omgee. ✓<br><br>*Kandiaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 15.10.1 | "alles": Map het voor sy tronkstraf as bendeleier gevoel hy het 'n posisie,/erkenning, met ander woorde hy was "alles"./Voor sy bekering vertel Map "alles" wat hy verkeerd gedoen het in 'n poging om skoon te kom./Na sy bekering/vergifnis voel Map weer hy het "alles"./voor sy tronkstraf het Map en Blanchie 'n mooi verhouding gehad. ✓<br><br>**EN**<br><br>"niks": Map het juis by die bende aangesluit omdat hy na skool nie werk kon kry nie, met ander woorde hy was 'n "niks"./In die tronk was Map 'n "niks"./Na sy tronkstraf kon Map weer nie werk kry nie, met ander woorde hy was weer 'n "niks"./Map verkry insig in sy lewe dat hy eintlik 'n "niks" is./niks verdien nie./Daar is niks van Map en Blanchie se mooi verhouding oor nie./is nog nie versoen nie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na die "alles" en "niks" afsonderlik in sy antwoord verwys.* | 1<br><br>1 |
| 15.10.2 | "alles": Blanchie het gedink sy het "alles" in haar verwagting van die modelkontrak./gewildheid by die salon. ✓<br><br>**EN**<br><br>"niks": Blanchie voel vuil, met ander woorde soos 'n "niks" oor haar werk by die salon./na Cavernelis se dood. ✓ | 1<br><br>1 |
| 15.11 | Die titel skep die verwagting dat daar hoop/blydskap/oplossings/'n beter lewe vir Map wag, maar Map besef dat daar nie 'n moontlikheid van werk/uitkoms vir hom is nie, omdat hy 'n "niks"/tronkvoël is. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.12 | Die feit dat Blanchie nie die modelkontrak gekry het nie,/dat Blanchie en Maud vir Cavernelis verwyt,/dat Cavernelis selfdood pleeg, is die rede vir Cavernelis se onvervulde droom. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die feit dat Map in die tronk was,/weer nie 'n werk kon kry nie,/nie deur die gemeenskap aanvaar word nie, is die rede vir Map se onvervulde droom. ✓<br><br>*Die kandidaat verwys na Cavernelis en Map afsonderlik vir EEN punt elk.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**MIS – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die titel van die drama verwys na die slegte/negatiewe omstandighede waarin Miem en Meisie hulle ná die Groot Depressie bevind.** | Hulle bly op 'n plot buitekant die dorp waar hulle 'n armoedige lewe lei. | Bl. 3: *Die kombuis van 'n armoedige huisie.*<br>Bl. 47*: Ons het net genoeg gehad om hierdie lappie grond te koop.* |
| **Die titel verwys na die manier waarop hulle 'n bestaan voer, naamlik om dieremis in goiingsakke te verkoop.** | Miem hou haar en Meisie aan die lewe deur dieremis in goiingsakke, wat hulle self maak, te verkoop. | Bl. 4: *Ons moet dertig hê voor môre.* |
| **Die vroue voer 'n mislike bestaan.** | Die stank van die mis verdryf die mense wat sou kom kuier./Hulle kry geen besoekers nie./Meisie vereensaam in hierdie omstandighede.<br><br>Meisie bely aan die konstabel dat sy die hele dag moet werk./nooit haar werk klaarkry nie. | Bl. 26: *Ek weet nie eintlik nie. (kort stilte) Ek dink dis oor die mis. My ma sê dit hou ons aan die lewe. Die mis. (skielik hard, byna histeries) Maar dit stink!*<br><br>Bl. 27: *Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof.* |
| **Die karakters se lewe word deur die mis gereël.** | Miem sê vir die konstabel dat sy vroeg moet gaan slaap omdat sy vroeg moet opstaan, want die besending mis word vroeg opgelaai.<br><br>Miem en Meisie werk heeldag om dertig sakke vir die volgende dag se verkope gereed te hê.<br><br>Meisie moet permanent vensters was. | Bl. 48: *Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai*.<br><br>Bl. 4: *MIEM: Ons moet dertig hê voor môre. (Sug, tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus)*<br><br>Bl. 27: *Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof. Die mure is dun en vol krake. En als wat buite is, kom in. Ek vee en stof, vee en stof, maar dit help nie ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Miem se man, Gabriël, se menslike ontlasting moet verwyder word.** | Gabriël bly al vir 7 jaar in die solder en die vrouens moet die mis wat in die slopemmer laat sak word, gaan uitgooi. | Bl. 38: *Gaan maak dit tog leeg, my kind. En spoel dit goed uit.* |
| | Die spatsel op die kombuisvloer wat gemors word is ook 'n getuienis van die mislike bestaan wat Meisie moet voer, want nóg Miem nóg Gertie sien kans om dit skoon te maak; Miem gee vir Meisie opdrag om dit te doen. | Bl. 40 tot 41: *Kyk daar, Meisie, jy het net-nou gestort! Kry 'n lap en vee dit op.* |
| **Die titel "Mis" word vaardig ingespan om die teenoorgestelde van "raak" uit te lig./wil eintlik uitlig dat Miem "verkeerd" sien.** | Miem nooi die konstabel in en sien nie raak dat hy die gevaar is waarteen sy Meisie so fanaties wil beskerm nie. | Bl. 17: *Kom sit gerus, Konstabel.* |
| | Die vroue het dit mis dat die konstabel edel bedoelings het. Sy vriendelikheid is slegs 'n front om by Meisie uit te kom. | Bl. 21*: Hoe kan ons u bedank, Konstabel?*<br>Bl. 37 *… maar ek weet glad nie hoe jong meisies lyk nie. Ek sou baie graag die jong dame wou sien.* |
| | Gabriël het dit mis as hy dink dat hy van die lewe kan ontsnap deur na die solder te onttrek. | Bl. 47 tot 48*: 'n Paar dae na ons ingetrek het, was hy skielik skoonveld. Ons het hoog en laag gesoek, maar eers dié aand wis ons (kyk op, huilstem) dat hy daarbó is.* |
| | Miem is blind vir die konstabel se ware bedoelings, want sy wil Meisie aan hom afsmeer en só vir Gabriël uit die solder lok om haar af te gee. | Bl. 48: *Nou ja … ek is seker hy sal afkom … as Meisie die dag trou ... En voor die kansel wag 'n jong man (fluister betekenisvol) 'n baie gelukkige jong man.* |
| **Die titel dui op/ondersteun mistigheid/vaagheid om die vroue se gebrek aan insig in hulle situasie asook die lewe in die algemeen aan te dui.** | Miem dink dat die konstabel geloofwaardig is omdat hy sy uitsonderlike reukvermoë demonstreer. Sy dink dit is baie interessant. | Bl. 17: *Werklik interessant*, *Konstabel*. |
| | Gertie aanvaar die konstabel se geloofwaardigheid, bloot omdat sy figuur deur die sleutelgat regop en fier lyk. | Bl. 15: *Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou.* |
| | Miem sien nie raak dat Meisie in opstand kom as gevolg van haar ma se inperkings/siening van die sirkus/rigiede reëls/konserwatiewe lewensbenadering nie. | Bl. 7: *Sien skielik dat Meisie by die venster uitloer.*<br>*"Ek kyk net na die liggies."*<br>Bl. 4: *MIEM: "Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie."*<br>Bl. 19: MIEM: "*Konstabel, sy is nog so jonk en onskuldig. Ek wil nie hê sy moet die dinge hoor nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Miem dink die ander mense in die dorp is insigloos/het dit mis omdat hulle hul kinders sirkus toe laat gaan.<br><br>Miem sien nie die waarheid voor haar eie oë, nl. dat die konstabel daar is om Meisie saam met hom te neem nie. | Bl. 11: *... Al die arme sotte wat nie die gevaar besef nie. (Snork) ... Maar ek was my hande in onskuld. Ons het gewaarsku en gewaarsku maar hulle wou nie hoor nie ...*<br><br>Bl 21: *"Al hierdie feite is tog ooglopend. Maar daar is ander gegewens … wat u miskien misgekyk het."* |
| **Die titel verwys ook na vermiste persone.** | Die konstabel sê hy werk met vermiste persone. Miem neem aan dat hy na die twee meisies verwys wat die vorige twee jaar verdwyn het.<br><br>Die konstabel impliseer dat iemand in Miem se huis vermis gaan word, en verwys na die adder in die nag. | Bl. 18: *KONSTABEL: "Ek word gebruik vir … spesiale gevalle." "Dit is reg, ja. Oor die verdwynings."*<br>Bl. 33: "*O ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone."*<br><br>*Bl. 17: "Dis net – met die volmaan is alles anders." "Die krieke kriek harder. Die aandblom ruik soeter. Die adder seil vinniger deur die gras."* |
| **Die titel slaag daarin om die vroue se verlange/ gemis in hulle onderskeie lewens uit te lig.** | Miem mis haar man wat hom al die afgelope 7 jaar in die solder onttrek/ isoleer as gevolg van die Groot Depressie.<br><br>Gertie is 'n oujongnooi en mis manlike geselskap/seksuele vervulling in haar lewe.<br><br>Meisie verlang na die jongman/ ridder op 'n wit perd wat haar uit haar mislike omstandighede sal kom red./smag na avontuur/ opwinding/'n jongmenslewe buite die huis. | Bl. 47: *"Dit is so lank laas … lank laas … dat 'n man vir my goeienag gesê het."*<br><br>Bl. 45: *"Nog (sag en byna smekend) nog, as u wil."*<br><br>Bl. 26: "*Werklik, Juffrou? Kry u nie besoekers nie." "Nie eintlik nie."*<br>Bl. 27: "*Maar kom u dan nie uit nie, Juffrou? Die dorp is tog nie ver nie?*"<br>"*My ma het my hier nodig. My ma het net vir my.* |
| **Die titel herinner aan die Rooms Katolieke mis deurdat die konstabel telkens as biegvader vir die drie vrouens optree.** | Hy wen die vroue se vertroue met sy simpatieke oor en magnetiese aantrekkingskrag wanneer hulle elkeen 'n beurt kry om hul diepste verlange/wense teenoor hom te bely. | Bl. 48: "*Nou ja … Ek is seker hy sal afkom … as Meisie die dag trou."*<br>Bl. 29: *"Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!"*<br>Bl. 45: "*Nog (sag en byna smekend) nog, as u wil."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die titel is beslis geslaagd want die vele betekenisse van die woord "mis" en die gereelde verwysings daarna dien as 'n suksesvolle bindmiddel in die drama, wat die leser rig./voorberei./met spanning/afwagting vul.** | Die sirkus wat deur Miem besweer word, is die leitmotiv/herhalende motief wat deur al drie vroue op verskillende wyses beleef word. | Bl. 4: *Wanneer die stuk begin, word die harde sirkusmusiek gehoor.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1.1 | 31 Augustus 1936 ✓ | 1 |
| 17.1.2. | Die afgelope twee jaar het daar 'n meisie op die spesifieke dag/datum verdwyn./was daar iemand wat jong meisies laat verdwyn het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Sy het 'n jong meisie in haar huis wat in hierdie ouderdomsgroep val./Die polisie/gemeenskap is op gereedheidsgrondslag./<br>Miem en Meise is kwesbaar./sonder beskerming (van 'n man). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.2 | Vrees ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem wil die agtergrond/atmosfeer/vrees bekendstel.<br>Bekendstelling van die verhouding tussen Miem en Meisie.<br>Miem wil Meisie so tot gehoorsaamheid/onderdanigheid dwing.<br>Die feit dat Miem nie werklik sê wat die gevaar is nie/Meisie nie die omstandighede ken nie, veroorsaak dat sy Konstabel in die slot volg./ ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 17.3 | 'n Mens sou verwag dat Miem die heeltyd vir Meisie wil gerusstel, maar in werklikheid sy is die een wat Meisie so pas bang gemaak/gepraat het./ ✓<br><br>*Die kandidaat bied die TWEE kante van die ironie vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.4 | Miem skep die indruk dat sy Meisie sal beskerm, maar sy is die een wat die gevaar (in die vorm van Konstabel) in die huis nooi./Meisie aan die konstabel afsmeer./vir Meisie en Konstabel alleen na buite laat gaan./gaan slaap in plaas daarvan om Meisie op te pas. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.5 | Na die sirkus ✓<br><br>**EN**<br><br>Vryheid/opwinding/avontuur/die eksotiese/jongmenslewe ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Konstabel ✓ | 1<br><br><br><br>2<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.6 | Die dialoog openbaar Miem se bombastiese/oorheersende/neerhalende manier om met Meisie te praat./<br>Die dialoog skep simpatie vir Meisie (by die leser)./<br>Miem se dramatiese beskrywing van die gevaar wat vir Meisie bang maak, skep simpatie./<br>Miem se inperking van Meisie skep simpatie./<br>Miem kry dit reg om Meisie bang te praat.<br>As deel van die eksposisie verskaf dit inligting oor Miem en Meisie se verhouding./die rede waarom Meisie na vryheid smag.<br>Die tema van beswering word bekendgestel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.7 | As gevolg van hulle armoede moet Miem en Meisie goiingsakke maak vir die mis wat hulle as inkomste verkoop. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>"Mis" in die titel verwys na die dieremis waarvoor hulle sakke maak. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.8 | Oorheersend/dominerend/manipulerend/hardvogtigheid/streng ✓<br><br>**EN**<br><br>As gevolg van Miem se emosionele manipulasie/afpersing beheer sy sodanig vir Meisie dat sy geen vryheid het nie./smag na bevryding. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.9 | Miem wil nie hê die sirkusmusiek moet gehoor word nie. ✓<br>Miem wil die gevaar buite hou. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Die gevaar/Konstabel is reeds binne-in hulle huis./Konstabel en Meisie het reeds afgespreek om mekaar later te ontmoet. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 2<br><br><br><br>1 |
| 17.10 | Ja<br>Miem se lewe word figuurlik donker (wanneer Meisie verdwyn)./Meisie/haar hulp/steunpilaar verdwyn./Sy bly alleen agter./Haar toekoms word uitsigloos./<br>Meisie dans letterlik in die donkerte in as sy die huis verlaat./<br>Meisie se toekoms is figuurlik donker. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 17.11 | Hy is bang hy word betrap./dat iemand van binne-af weer sou inkom./Hy kyk of Meisie nog nie aankom nie. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.12 | Konstabel ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy manipuleer haar sodat sy hom uiteindelik om verskoning moet vra./Hy laat haar dink dat hy vir hulle veiligheid daar is sodat sy hom soebat om nie weg te gaan nie. ✓<br><br>**OF**<br><br>Gabriel✓<br><br>**EN**<br><br>Sy slaag nie haar doel nie, want Gabriel doen in elk geval net wat hy wil./sit veilig in die solder.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: [25]**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD**<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is | Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie | Geen verwysing na die gedig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en gedig | Begrip van genre en gedig duidelik | Basiese begrip van genre en gedig | Onvoldoende begrip van genre en gedig | Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL**<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur en logiese vloei van argument | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Struktuur swak |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Vloei van argumente kan gevolg word | 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en same hang ontbreek in die opstel | Argumente nie logies gerangskik nie | |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, grootliks korrek | Geringe taalfoute | Taalfoute beduidend | Ernstige taalfoute |
| | Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | Toon en styl is grootliks korrek | Toon en styl meestal gepas | Toon en styl nie geskik nie | Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13 | Respons redelik gedetailleerd | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp | Min punte wat die onderwerp ondersteun | Swak poging om die vraag te beantwoord |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is | Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Baie min relevante argumente | Argumente oortuig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en teks | Begrip van genre en teks duidelik | Basiese begrip van genre en teks | Weinig begrip van genre en teks | Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Logiese vloei van argument | Logika en samehang is duidelik, maar met foute | Argumente nie logies gerangskik nie | Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk |
| | Uitstekende inleiding en Slot | Inleiding, slot en ander paragrawe samehang-end georganiseer | Paragrafering meestal korrek | Paragrafering foutief | Paragrafering foutief |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | Taalfoute beduidend<br>Toon en styl nie geskik nie | Styl en toon nie geskik nie |
| **PUNTE VERSPREIDING** | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou